# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXXI Nr. 3

WOENSDAG, 13 MAART 1985



Die Matie

Woensdag, 13 Maart 1985


## Monster nie nou die regte optrede

DIS jammer dat die kritici van *Die Matie* die huidige tydstip gekies het om hul griewe te lug op 'n wyse soos die aanvra van 'n monstervergadering.

Die publisiteit wat die Universiteit die afgelope twee weke moes verduur, is welbekend. Wat ook al die uitslag van die monstervergadering, gaan dit in verband gebring word met die gebeure van die afgelope tyd. Sou 'n mosie teen *Die Matie* aanvaar word, sou dit as 'n teken dat die Stellenbosse studente bang is vir 'n koerant wat dinge oopvlek, geïnterpreteer kon word. Dit sou lei tot verdere onnodige publisiteit. Trouens, die Rektor het reeds gesê dat hy dit sou verkies as 'n monstervergadering nie nou plaasvind nie.

Die inisieerders van die monstervergadering baseer hul klagtes op sogenaamde "omstrede politieke beriggewing" in *Die Matie* en voel dat kampusaangeleenthede en SR/SP-aktiwiteite afgeskeep word. Reglementêr is dit deel van *Die Matie* se opdrag om indringende artikels oor die breë landspolitiek te plaas. Dit probeer ons doen, maar selfs dan geskied dit gewoonlik in die vorm van vrywillige rubrieke soos "Meningsaktueel" wat oop is vir enige lid van die studenteunie. Statistieke bewys dat SR/SP-aktiwiteite en kampusnuus veel meer dekking in gewone beriggewing geniet as sogenaamde "omstrede politieke" kwessies.

Die motivering vir die monstervergadering maak geen melding van oriëntering, wat deur die Rektor *sub judice* gereël is nie. In 'n brief aan huiskomitees, uitgestuur deur dieselfde persoon wat die monstervergadering aangevra het, word *Die Matie* egter daarvan beskuldig dat hy probeer om "ten alle koste die unieke karakter van ons koshuise en kampus af te breek" en dat sy hantering van oriëntering "daarop gemik was om ons universiteit se naam maksimum skade aan te doen".

Ons is hoegenaamd nie gekant teen 'n gesonde koshuisgees nie. Die mens is 'n sosiale wese vir wie die interaksie met andere in groepsverband noodsaaklik is. Waarteen ons dit wel het, is die fisiese aftakeling en geestelike vernedering van nuwelinge wat eerder verwelkom moet word in die ware sin van die woord.

*Die Matie* is nie verhewe bo kritiek nie. Aangesien die koerant self sterk krities is, verwelkom ons dit. Ons voel egter dat kritiek rasioneel bespreek moet word, en daartoe leen 'n emotiewe aangeleentheid soos 'n monstervergadering hom nie. In die hele termyn van die huidige redaksie tot dusver is net een klagte ontvang deur die Publikasiekomitee, aan wie klagtes oor *Die Matie* reglementêr gerig moet word. Waarom nou skielik 'n emosionele aanval loods op so 'n drastiese wyse?

## Doop nie beperk tot Wilgenhof nie

*DIE MATIE* spreek sy spyt uit dat die kwessie rondom Wilgenhof se doop-praktyke in sommige gevalle uit verband geruk is deur die media. Die indruk is volgens sommige mense geskep dat *Die Matie* slegs op Wilgenhof wou konsentreer, ten spyte van doopwanpraktyke by ander koshuise wat net so erg of selfs erger is.

Ons wil dit duidelik stel dat dit nie die motief van *Die Matie* was nie. Ons het intussen nog inligting ingesamel oor doop by ander koshuise, wat in hierdie uitgawe gepubliseer sou word as 'n voortsetting van 'n reeks oor doop-praktyke.

Hierdie aangeleentheid is egter deur die Rektor *sub judice* gereël, wat ons verbied om enigiets verder daaroor te publiseer. Die inligting is beskikbaar gestel aan die Kommissie van Ondersoek wat oor die aangeleentheid moet besluit.

Doop is verbode op Stellenbosch, by watter koshuise dit ook al mag plaasvind. Ons verwelkom die ondersoek van die owerhede ten einde wanpraktyke finaal die nek in te slaan, en onderneem om hulle hierin behulpsaam te wees waar moontlik.



These three jaunty jetsetters parading the Milnerton racecourse added some colour to the already oh-so-stylish *Day at the Races*. They are Heidi Coetzee, Rupert de Vries and Lizchen Marais.

## *Jetsetters enjoy races*

M. von Broembsen

*A "Jetsetter" brings to mind the style set – white pleated Pierre Cardin pants, Yves St Laurent sports shirt, a gold Gucci chain to set off the Carrera sunglasses. The female counterpart sporting a simplistic creation with an unobtrusive designer label on the pocket, matching Italian leather shoes and bag, a rock on her little finger and pieces of modern art dangling from her earlobes.*

*On Saturday at "Maties day at the Races", my limited concept of "Jetsetters" as nouveau riche was enlightened! Dress ranged from chic to a double personification of Miss Muffet in the previous century (the Nemesia twins, their mutual partner in tops and tails). Another eye-catching threesome were dressed in orange and black, hair bryl-creamed and one way glasses (quaintly referred to by a friend as "check you, check me bax", completing the suave look. Predominant colours were black and white and a lot of taffeta was evident. The members of the public interviewed were unanimous that "Stellenbosch is far better dressed and behaved than UCT."*

*Light lunches and drinks were housed in a red and white marquee and music was provided by Nathaniël le Roux and other talented music students. Bets were placed and many delighted shrieks were heard when a horse was placed (suave clothes don't hide a poor student). The same enthusiasm was expressed for the Drummies who walked twice.*

*Prizes were awarded at the close of the day. Judges were: Dr Deon de Wet (initiator of this annual event), who presented a more conservative outlook regarding fashion, Foschini PRO, Ms Jackie Burgess, representing the expertise of the fashion world, and Ms Nikola van der Merwe, (first princess), representing the student viewpoint.*

*When asked what the judges looked for when awarding prizes, Ms van der Merwe replied that the aim was for students to be creative and original with what they had, not to spend a fortune on outfits.*

# *Die Matie* beveg nog 'n monster

'n MONSTERVERGADERING word vanaand om 19h30 in die D.F. Malan-gedenksentrum gehou om beriggewing in *Die Matie* te bespreek. Die Studenteraad (SR) het die vergadering belê op aanvraag van 760 lede van die studente-unie, waaronder meer as 200 eerstejaars.

Die mosie wat die monstervergadering aanvra en deur mnr. Robert Kotze in Dagbreek onderteken is, lui as volg: "Ons, die ondergetekendes, versoek die SR om 'n monstervergadering so spoedig moontlik te belê om *Die Matie* te bespreek. Na ons oortuiging dien die koerant in sy beriggewing nie die beeld van die universiteit nie."



Het die pen nog 'n rol om te speel?

### Skade

'n Brief wat mnr. Kotze uitgestuur het aan sommige koshuise se huiskomitees, doen 'n beroep op hulle om hulle "leierskapsrol ten volle uit te leef" deur koshuisinwoners te mobiliseer om as 'n groep na die monstervergadering te gaan. Die seniors moet "gemonster" word om te stem omdat die koerant volgens hom "uit voeling is met die studente-unie" en "vasgevat" behoort te word.

In dieselfde brief beskuldig mnr. Kotze die redaksie van *Die Matie* daarvan dat hulle "ten alle koste probeer om die unieke karakter van ons koshuise en kampus af te breek" en dat *Die Matie* se hantering van die ontgroeningswanpraktyke "daarop gemik was om ons universiteit se naam maksimum skade aan te doen."

Die eerste mosie vir die monstervergadering is op Vrydag 8 Maart deur mnr. Derick de Villiers, SR-lid vir Verenigings, ingedien. Hy het versoek dat die grondwet van die studente-unie verander word sodat 'n wysiging van die grondwet nie net geldig sal wees as dit goedgekeur word deur 'n referendum of deur 'n meerderheid van 'n monstervergadering nie, maar ook deur 'n tweederde-meerderheid van 'n SP-vergadering onder sekere voorwaardes.

### Wantroue

Sondagaand laat is 'n tweede mosie deur mnr. Tielman Roos by die sekretaris van die SR, mnr. Niël van der Merwe, ingedien. Daarmee word onder andere 'n mosie van wantroue in die redaksie van *Die Matie* gestel. Daar word verder versoek dat uitgawes van *Die Matie* opgeskort word tot Woensdag 8 Mei 1985 asook dat die SR voor 16 April die redaksiesamestelling van *Die Matie* aanpas sodat elke koshuis ten minste een redaksielid, wat deur die HK aangestel word, het.

### Belange

Die laaste mosie, wat deur mnr. Gerrit de Vos voorgestel is met mnr. Lorenzo Bossi as sekondant, lui dat die geloofwaardigheid van die Universiteit van Stellenbosch as tersiêre inrigting bevestig en die Kommissie van Ondersoek na beweerde doopwanpraktyke verwelkom moet word. 'n Kommissie van Ondersoek moet ook deur die SR daargestel word om reglementêr te verseker dat alle belanghebbende groepe se belange gebalanseerd behartig word in *Die Matie*. Die laaste versoek in hierdie mosie is dat die Rektor dringend versoek word om onverwyld aandag te gee aan studenteverteenwoordiging op die Senaat.

(Vervolg op bl. 9)

**MONSTERVERGADERING**
**OOR *DIE MATIE***

**VANAAND 19H30**
**D.F. MALAN-SENTRUM**

**Bring u REGISTRASIEBEWYS en 'n FOTO-IDENTIFIKASIE**
**(Matie-I.D. of R.S.A.-I.D.)**

**KOM STEM!**

## BUTHELEZI

# Raad vervolg nie studente-betogers

Marika Truter

KAAPSTAD — Die Universiteit van Kaapstad gaan nie teen die studente wat verlede jaar daarvoor verantwoordelik was dat die hoofminister van Kwazulu, kaptein Gatsha Buthelezi, verhinder is om studente op die universiteit se kampus toe te spreek optree nie.

### Slagspreuke

Die studente het verlede jaar teen 'n lesing getiteld: "Pragmatism in South African Politics — an Inkatha view", wat kaptein Buthelezi op Donderdag, 23 Augustus 1984, by die universiteit sou hou betoog. Die lesing is afgestel nadat studente die lesingsaal met plakkate binnegekom, vryheidsliedere gesing en slagspreuke teen kaptein Buthelezi geskree het. Hy is o.a. 'n "puppet tyrant", 'n "terrorist" en 'n "murderer" genoem.

Enkele oomblikke voordat die lesing sou begin, het mnr. Nic Boraine, toe SR-voorsitter en een van die betogers, aangekondig dat die studente kaptein Buthelezi toegang tot die universiteit wil weier om 'n herhaling van die bloedbad by die Universiteit van Zoeloeland in 1983, waartydens vyf studente gedood en meer as honderd-en-vyftig beseer is, te voorkom.

In 'n verklaring wat op 23 Februarie 1985 uitgereik is, sê die Rektor van die universiteit, dr. Stuart Saunders, dat dié optrede van die studente neerkom op die beperking van vrye en ope debatvoering.



Kaptein Buthelezi

Dr. Saunders het ook terselfdertyd 'n ope brief aan die universiteitsgemeenskap gerig, waarin hy sê die universiteit moet òf 'n manier vind waarop die vryheid van spraak en die reg tot meningsverskil mekaar nie ophef nie, òf alle vergaderings, met inbegrip van akademiese lesings, waarheen polities omstrede sprekers genooi word, verbied.

### Vervolging

Dr. Saunders sê verder dat die universiteitsgemeenskap, gesien in die lig van die grootte van die universiteit en die onbestendige aard van sy omgewing, verantwoordelik moet wees in sy optrede deur te verseker dat die reg om te praat en te verskil behoue bly.

As rede vir die besluit om nie teen diegene wat vir die ontwrigting verantwoordelik was, op te tree nie, voer dr. Saunders aan dat die vervolging van individuele studente nie sou slaag nie.

### Insident

Die Raadskomitee het wel bevind dat dissiplinêre optrede geregverdig is, maar het aanbeveel dat geen stappe gedoen word nie.

Die Universiteitsraad het volgens dr. Saunders aanbevelings van die komitee, wat daarop gemik is om 'n herhaling van die insident te voorkom, aanvaar.



Photo: Cape Times

The race down the steps of Jameson Hall at UCT's annual rag Olympics provided a new record in the men's event this year. The Driekoppen A side completed the run in 1 minute and 4 seconds. The women's race was won by Fuller residence. For the second year running Stellenbosch entered a team, Helshoogte, in the men's event. A member of the Rookies team, seems to be finding the Olympic games a great deal more frightening than he anticipated.

## KOVSIES

# *Doop ook hier aktueel*

BLOEMFONTEIN — Oriëntering en doop is 'n onderwerp wat in die verlede en tans baie deur *Die Matie* aangeroer word. Hoe skryf ander studentekoerante van Afrikaanse universiteite oor dié onderwerp? *Irawa*, studentekoerant van die UOVS is besonder uitgesproke oor ontgroening:

*Oor eerstejaars en ontgroening is daar al baie geskryf en besin. Tog word hierdie onderwerp aktueel aan die begin van elke jaar.*


*Op Universiteit is die eerstejaar so te sê niks nie (veral aan die begin van 'n jaar). Tog is al die aandag op hulle gevestig, want hulle is die wesens wat in die komende jare die seniors gaan wees. Die spreekwoord lui: buig die boompie terwyl dit nog jonk is. Die basis kan gelê word vir eenheid en lojaliteit.*

*Die vraag ontstaan of ontgroening 'n nodigheid is. Sommige mense dink dit is onnodig, mense se gevoelens word seergemaak en dit is 'n verspilling van tyd en energie. Tog moet onthou word dat daardie bang, verwarde eerstejaar die vorige jaar nog rustig en tevrede met homself op skool gesit het. Wanneer so 'n eerstejaar toegelaat word om in 'n sekere gedrag voort te sit, kan daarvan vergeet word om 'n eenheid onder 'n groep eerstejaars te verkry.*

*Ontgroening is 'n noodsaaklikheid. Vir die eerstejaars wat hierdie stukkie lees, sal die woorde hulle dwars in die krop steek. Waarom is dit nodig dat hulle nie soos mense behandel word nie? Die antwoord sal die eerstejaars kry in 'n latere stadium van hulle lewe. Dit is die groot gevoel wat na 'n kontaksessie in jou bors begin en die bande wat jou en jou mede-jaargenote bind.*

*Die seniors het dus 'n geweldige verantwoordelikheid, of hulle dit nou wil weet of nie. 'n Fyn balans moet gehou word sodat 'n puik groep eerstejaars kan ontwikkel.*


COMPUTER KIOSK
Tel: (02231) 73004/5/6





ATTENTION ALL STUDENTS

We now have the SHARP PC-1401 in stock. This portable computer is the ideal tool for any B.Sc.-degree.

The SHARP PC-1401 has 59 preprogrammed scientific functions so that it can easily be used as a calculator, AND it has 4.2K-byte RAM which can used for storing programs written in BASIC.

ONLY R 158.00




SHARP MZ-700 SERIES


PUT EXCITING COMPUTING CAPABILITIES RIGHT ON YOUR DESK.

The NEW SHARP MZ-700 is one of the fastest 8-bit machines on the market and when used in conjunction with its optional 4-pen plotter/printer it becomes an exceptionally powerful computer that is ideal for home or scientific use.

SHARP MZ-700 R 680.00, incl. built-in
4-PEN PLOTTER R 220.00 data-recorder.

Stellenbosch Meubel Maatskappy (Edms) Bpk.
Furniture Co. (Pty) Ltd.

COR. CHURCH AND ANDRINGA STREETS, STELLENBOSCH.



Francois Erasmus, Primarius van Simonsberg, en sy eweknie in Minerva, Ronél van Wyk, hier afgeneem tydens hulle onderskeie koshuise se huwelik met mekaar. Die ernstige strooijonker is Hannes Nel. *(Sien berig op bl. 12).*

CARLA

# Mej. Matieland gesels bietjie oor haarself

**M. von Broembsen**

ALEXANDER POPE het eenkeer gesê, "Beauties in vain their pretty eyes may roll; charm strikes the sight but merit wins the soul." Ons Mej. Matieland, Carla de Miranda het die seldsame kombinasie van altwee hierdie eienskappe!

Binne enkele minute nadat ek my voorgestel het, het dit gevoel asof ek die onweerstaanbare glimlag al jare lank ken. Al was dit die honderdste keer dat sy soortgelyke vrae moes beantwoord het, het die bruin oë opregtheid, lewenslus en belangstelling uitgestraal.

**Carla, wat was vir jou die opwindendste oomblik sedert jy as 'n finalis aangewys is?**

Sy giggel spontaan: "Seker toe Laetitia Snyman my as wenner aangewys het. Sy het gesê, 'En Mej. Matieland is . . .' 'n oomblik geaarsel, my naam perfek uitgespreek (sy glimlag skaam) en die mense het geskree en geskree."

**Het jy gedink dat jou kanse goed is om Mej. Matieland te word?**

"Nee, maar wat vir my die belangrikste is, is om alles as 'n wenner te onthou en dit beteken om my bes te gee tot op die einde."

Nou was ek nuuskierig om hierdie pragtige meisie van nader af te leer ken. Waar begin mens?

**Vertel my van jou gesin, Carla.**

"My ma is Portugees en my pa Portugees en Afrikaans. Ek is seker 'n 'mengelmoes'." (En weer eens die spontane laggie.) Ek kom gou agter dat hulle 'n hegte gesin is en dat haar ma 'n besonderse rol in Carla se lewe speel. Hier wys sy my trots 'n aandsakkie wat haar ma as 'n geskenk by haar kroningsbalrok gemaak het.

**Van kroningsbal gepraat, het iemand spesiaal jou vergesel?**

Nou lag sy en haar kamermaat te heerlik. "Toe Carla, vertel haar," word sy aangepor. Tussen geproes en hervattings van die lagbui, vertel sy my hoe sy Robbie ontmoet het toe die finaliste kaartjies verkoop het. "Ek sal nie verder uitbrei nie, want Robbie sal nie daarvan hou nie."



Carla de Miranda vyf jaar oud.

**Wat beplan jy om na universiteit te doen?**

"Navorsingswerk in die Pole om diere in die koue toestande te help." Hierdie voorliefde vir diere strek terug na haar kindertyd. "Ek was baie lief om die diere in die veld te sien hardloop toe ons in Angola gebly het."

Carla het as prys 'n oorsese vlug gewen. Dit was haar ideaal om vir haar ouma in Portugal te gaan kuier hierdie jaar.

# *Oude Molen se skip strand*

**C. du Plessis**

OP Vrydagaand 8 Maart, het 'n klomp gestrande matrose van Oude Molen hulle huisdans in die stadsaal gehou. Dit was in die klassieke Bolandstyl van 'n kaas-en-wynfunksie.

Die gaste was almal drenkelinge wat van 'n skip wat in die voorportaal gestrand het, gered is. Die organiseerders het hulle tema, *Shipwrecked,* verder ingekleur met vissersnette en takke wat oral geplaas is. Die huislede het met verflenterde klere rondbeweeg en hulle eerste ordentlike maaltyd na die traumatiese drie weke geniet.

Mnr. Martin Mostert, HK-lid, reken hulle was gelukkig om 'n goeie 210 mense te kon red na die skip begin sink het. Hy het ook sy innigste simpatie uitgespreek teenoor die wittebroodspaartjie, nog in trougewaad getooi, wie se reis so spoedig ten einde geloop het.



En die wenners! James de Villiers en Danielle Baillache Saterdag op Milnerton by "Day at the Races". Danielle het beide die uitrustings in swart en wit self ontwerp en dit met 'n fes en bril elk afgerond.

Die besgeklede individuele dame was Wietzie Bothma, ook met 'n tuisskepping, en die prys vir mans het aan William Hewett gegaan met sy Riviera-uitrusting. Alle opbrengste uit die dag gaan aan US-KOR.

# Ledetalle groei na week in Gat

**E. Hamman**

TYDENS die verenigingsweek van 4-8 Maart is 'n uitstalling in die Gat gehou om verenigingslewe aan die studente bekend te stel en hulle in te lig oor bepaalde jaarprogramme.

Uit die meer as vyftig bestaande verenigings op die kampus het die BTK, Suidwes-vereniging, Afrikaanse Studiekring, Landsdiens, Musicultus, SAAK, US Debatsvereniging, Fokus, Transkei-werkers, US Skaakklub, Volkekunde-vereniging, USAT, English Society, Archaios, US Wynkultuurvereniging, Onderwaterklub, Vereniging van Ekonomie en Handel, ASVS, Studente-Geografievereniging, Pinkster-Studentevereniging, Staatmakers en die Teologiese Studentevereniging uitgestal.

Veral die BTK, Fokus en die Staatmakers se uitstallings was interessant gemaak deurdat die praktiese sy van die verenigingslewe bekend gestel is.

Fokus het van die apparaat vertoon wat by die ontwikkeling van foto's gebruik word. Die Skaakklub het ook baie aandag geniet. Die geleentheid wat aan skaakspelers gebied is om hul vernuf prakties te toets.

Volgens Salomie van der Spuy van Musicultus, Zoë Henderson van die English Society en Barry de Wet van die BTK is hul uitstallings Maandag die drukste besoek. Carel Steyn van die Onderwaterklub het gesê dat ongeveer 50 studente by hul klub aangesluit het as gevolg van die uitstalling.

Enkele van die aktiwiteite wat in die komende jaar aangebied word, is die Junie toer na SWA deur die Suidwes-vereniging, 'n ASK-vergadering op 20 Maart met Jan Rabie as geleentheidspreker, "Bach goes to town" deur Musicultus en die Damesbelangekomitee op 17 Mei, en 'n besigtigingstoer na die Militêre Akademie in April deur die Studente-Geografievereniging.

# Eetplekke swaai om

**N. Louw**

MNR. FRANCOIS SIEBERHAGEN, SR-lid vir die Langenhoven-studentesentrum, reken dat studente wat vir hulle kos van die Neelsie afhanklik is, na die Junie-vakansie dalk aangenaam verras mag wees met die veranderings wat daar gaan plaasvind in die sentrum.

Na vele klagtes oor 'n tekort aan ruimte en die nimmereindigende tou in die kitsarea is daar besluit om dié area met die warmarea om te ruil. Daar was aanvanklik beplan om die kitsarea uit te brei, maar weens die finansiële sy is daarteen besluit.

Die voorlopige idee is om die peuselhoekie se Noord-Oostelike hek ook oop te maak ten einde 'n beter deurvloei van studente te verseker. By die gekookte afdeling sal daar heelwaarskynlik nog steeds toue wees oor middagete, maar die kitsarea sal sy naam weer gestand doen.

The Outlet
Factory Shoe Shop
1 000de pare skoene teen lae, lae pryse
Ruim Parkering
Ruim Parkering
Ruim Parkering
Besigheidsure:
Maan. — Vry. 8.30 — 5.00
Sat. 8 — 12
Birdstraat 91 Stellenbosch ☎ 70893
'n Groot versameling skoene vir die hele gesin teen fabriekspryse

For the Best PIZZA in Town
Vir die Beste PIZZA in ons Kontrei
PIZZERIA
We also have a great variety of other Hot and Cold Dishes . . .
Ons verskaf ook 'n groot verskeidenheid Warm en Koue Disse . . .
Licenced for Wine & Malt . . .
Gelisensieërd vir Wyn & Mout . . .
Phone us for Take Away Pizza's or simply to have your Food ready as you enter . . .
Skakel vir Wegneem Pizza's of om u Kos gereed te hê wanneer u instap . . .
Tel. 3545
Birdstraat 43A Birdstreet, Stellenbosch.

INGENIEURSWEEK

# Studente verskaf pret en vermaak

ALHOEWEL Ingenieursweek al halfpad verby is, lê daar nog 'n hele aantal opwindende dinge voor.

### Bewyse

Op Maandagaand 11 Maart was daar 'n praatjie oor velsorg en grimering wat aangebied is deur die Stellenbosch Academy of Health and Skin Care Therapy, in samewerking met Isa Carstens. By hierdie geleentheid het al die vrouestudente bewyse ontvang om Isa Carstens skoonheids- en velsorgmiddels teen afslagpryse te koop.

Op Woensdag 13 Maart word daar om 12h00 'n Paper Jet-kompetisie in die Gat gehou waar baie pryse te wen is. Om 19h00 dieselfde aand word Mej. Ingenieur aangewys voor 'n gehoor van uitgenooide gaste in die *Südwest Stube.*

Op Donderdag 14 Maart is daar 'n eksklusiewe gorrelklubvergadering wat 'n deurnag gegorrel behels.

Gedurende die sesde periode op Vrydag 15 Maart is daar 'n algemene Cokeklas in die Penthouse in die Ingenieursgebou. Gratis "boat-races" waartydens Coke gedrink sal word, sal plaasvind. Om 19h30 op Vrydagaand is nog 'n hoogtepunt van die week — die Ingenieursdans in die Sanlamsaal.

### Trapkarre

Die item wat seker die meeste aandag sal trek, is die Trapkarwedren op Saterdag 16 Maart. Tydrondtes vind gedurende die oggend van 10h00 af plaas totdat die optog, wat trompoppies en 'n orkes sowel as Mej. Ingenieur en haar twee prinsesse insluit, om 13h30 begin. Gedurende die hoofwedren wat 14h00 begin en tot 20h00 duur, word 'n bierblikboukompetisie op die stoep van die Administrasiegebou gehou. Net ná die wedren is daar 'n Trapkarsokkie in die Gat teen R1,00 toegang en om 20h30 is daar 'n prysuitdelingsfunksie en 'n ete vir al die trappers in die Sanlamsaal.



'n Praktiese velsorgwenk gedemonstreer. .

# Afrikaners kan kom lekker lees

DIE Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch (ASVS) reël in samewerking met Die Afrikaanse Studiekring (ASK) 'n uitstalling van Afrikaanse boeke.

### Lesing

Studente is welkom om 'n verskeidenheid van boeke uit verskillende vakgebiede te kom besigtig.

Die uitstalling sal in die Gat in die LSS plaasvind. Dit sal vanaf Dinsdag 19 Maart tot en met Vrydag 22 Maart duur, en kan vanaf 09h00 tot 18h00 besigtig word.

'n Lesing oor letterkundenavorsing sal op Donderdagaand 21 Maart aangebied word.

Die spreker is prof. P. Nienaber, direkteur van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) te Bloemfontein.

Die lesing sal gehou word in die Ouditorium van die JS Gericke-biblioteek en sal om 19h30 begin. Almal is welkom om na die tyd 'n kaas-en-wyn geselligheid te geniet.

### Navrae

Navrae kan gerig word aan Zenda Barnard (tel. 2339) en Amanda Matthee (tel. 6590).

# JBB verwerp reëls vir vroue

DIE Junior Breëbestuur (JBB) het eenparig 'n mosie aanvaar waarin die huidige stelsel van inkomtye verwerp word en "drastiese veranderinge aan die sisteem aangevra word."

Die JBB, wat bestaan uit die tweedejaarsleiers op Stellenbosch, het ook, op voorstel van mnr. Nickie Smit, JBB-lid vir Wilgenhof, verklaar dat inkomtye vir veral eerstejaar-damestudente "nadelig is ten opsigte van akademiese, kulturele en sosiale aktiwiteite." Verder het die mosie gelui dat die dameskoshuisreëls diskriminerend teenoor dames is, omdat mans nie aan dieselfde reëls onderhewig is nie.

Die mosie vra dat daar 'n komitee van ondersoek na die reëls ingestel word. Ook gaan die verteenwoordigers van dameskoshuise voorstelle by hul onderskeie koshuise inwin oor hoë die reëls verander moet word.

In die bespreking van die mosie is telkemale gevra wat die nut en doel van die reëls is. Verskeie dames het gesê dat, ten spyte van die reëls in hul koshuise, optrede nog nooit verby die aanvaarding van mosies by huisvergaderings gevorder het nie. Verder is ontevredenheid oor die stelsel en metode van strawwe vir laat inkom uitgespreek.

**INGEVOLGE 'n besluit van die Trusteeraad van die Stellenbosch-museum sal toegangsgeld by die Dorpmuseum van 1 Januarie 1985 soos volg betaalbaar wees:**
**Volwassenes: R1,00**
**Studente (met registrasiekaartjies): 50c**
**Skoolgaande kinders: 10c**

# REÜNIES '85

HARMONIE se 80-jarige bestaan word op 29, 30 en 31 Maart herdenk. Die reünie begin Vrydagaand met 'n skemeronthaal waarna 'n huisvergadering om 23h00 begin. Op Saterdag 30 Maart word 'n tuinparty gehou. Dié dag sal afgesluit word met 'n dinee in die LSS.

Op Sondag 31 Maart sal almal saam kerk toe gaan waarna die verrigtinge na 'n middagete ten einde sal loop. Sowat 100 oud-Harmonikaners sal in die koshuis tuisgaan. Navrae kan gerig word aan Nelia Theron (tel. 3718).

Simonsberg gedenk op 22, 23 en 24 Maart sy 30-jarige bestaan. Oud-Simonsbergers wat die reünie wil bywoon, kan met Nico Uys (tel. 5104) of Johan Fechter (tel. 77633) in verbinding tree.

# *Redakteurs kry skoling*

'n SKOLINGSKURSUS vir redakteurs van koshuis- en verenigingspublikasies is op 28 Februarie vanjaar deur die Publikasiekomitee aangebied.

Prof. H.J. Grosskopf, hoof van die Departement Joernalistiek, het as gasspreker opgetree en almal aangemoedig om humor en 'n ligte aanslag te gebruik. Gerhard van Dyk, konvenor van vanjaar se kompetisie, het die nuwe kriteria van beoordeling voorgelê aan die aanwesiges. Die inhoud tel 50%, die bladuitleg 15%, die hoofartikel 5% en die taalgebruik, oorspronklikheid en foto's 10%.

Hein Schröder, die redakteur van een van verlede jaar se wenjaarblaaie, die *Uitlewing* van Majuba, het die leiding geneem en talle praktiese wenke aan die hand gedoen. Na 'n slukkie tee het die aanwesiges in twee werkgroepe verdeel: mnr. Schröder het die koshuisredakteurs meer touwys gemaak, terwyl me. Babsita Claassens, redakteur van die 1984 *Momentum,* aan die verenigingsredakteurs 'n blink idee of twee kon meedeel.

By navraag het die aanwesiges getuig van 'n leersame aandjie en is almal met hernieude entoesiasme terug huis toe.

# Teater vir Cultura

TYGERBERG — 'n Teater vir die Tygerbergse vereniging, Cultura, is onlangs hier ingewy.


Dit sal gebruik word vir middaguurkonserte met optredes deur studente en gaskunstenaars, asook vir kunsuitstallings, filmvertonings en klein drama-opvoerings.

Die teater, wat sowat sestig mense kan akkommodeer, is teen 'n koste van R8 000 ingerig met 'n klein verhogie, 'n kroegtoonbankie en 'n vleuelklavier. Dit het ook lugreëling en beligting. Die Tandheelkundefakulteit het 'n paar ronde tafeltjies geskenk veral met die oog op kabaret-opvoerings.

Volgens die voorsitter van Cultura, Chris Gouws, is so iets regtig nodig, veral aangesien die realisering van die beplande studente-ontspanningsentrum vir Tygerberg nog lank gaan neem.

Die teater word op 15 Maart met 'n "Brahms-aand" geopen.

BY ONS IS JY EERSTE.




Dis jou bank

Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

SBIC 592/1

*JACQUES ARZUL*

# From musician to clock-maker

A profile by Dorrieh Elahi

THE first thing one notices as he looks up from the clock he is busy restoring, is his startlingly blue eyes. The clock, he tells me in his accented voice, dates from the 1700's and is worth a cool two grand.

DE: *I hear you studied music before you became a clockmaker?*

JA: Yes, I studied the violin in Brussels for about five years. The clocks came in when my landlady noticed I was handy and asked me to fix one of her clocks. I didn't know anything about clocks but I started playing around with it and the next thing I knew, it was ticking. Then it just grew from there. Eventually when I came to South Africa I decided to make that which was a profession a hobby and that which had been a hobby my profession. If you don't do what you want to do in life, you will be bored, so rather make your interests that which you are going to deal with.

DE: *Did you become a gunsmith in the same way?*

JA: Yes. I did a lot of reading — I thought that it was far more interesting to know more than just the mechanics of the clock — to know why something is in a certain style that is found in furniture and architecture as well. One learns to be able to identify clocks that one doesn't know anything about. It all tallies with what I was learning reluctantly about the history of music. Everything is linked.

DE: *Do you keep up with your music at all?*

JA: It is as religion to me.

DE: *Weren't you then sorry to give up a possible musical career?*

JA: To me it was a bit of a release. I had pressure on me from childhood — at times it is good and you feel you may be great. On the other hand it might be the seventh time that you've played a certain B flat too sharp. You can't do that in a concert hall. Given enough time I can polish a clock to perfection whereas with the violin you've got to be polished on the spur of the moment, it is very ephemeral — it's only something you can hear, not see or touch. It has got to come out perfect the first time.

Clocks take a little longer, but it eventually comes out right. The hard part is parting with them. But then it is not so much that you own it: it is like a child — you have to learn to let it go, that is the ultimate gift of love.

*(He has by this time stopped his hypnotic filing of the pricey little clock.)*

I think it is really an attitude. I find great satisfaction in what I'm doing. My life is really based on something to do with the fundamental need for accuracy and precision — which probably makes me a difficult person to live with!

DE: *You mentioned that you were involved in social work. How do you feel about the effect of one's emotions on this structure of accuracy and logic that is so important to you?*

JA: Invariably distress is a short-circuit of the normal pattern of thinking because emotions are riding so high. The moment the emotional temperature rises, the thinking gets blocked out. If that pattern does not get disconnected somehow and emotional temperatures lowered, you have a very unhappy person. One of the fundamental tendencies of the modern age is that we have de-sacrilized a great deal of values. Because there's then a vacuum and we don't know what direction to take, we jump onto the shrink. He has become, in a way, like another high priest who is supposed to make you happy. I have a feeling if one could throw all the shrinks in the sea (and a number of other professions) it would be a godsend to mankind — and a holy catastrophe to the fish-life! □



Jacques Arzul busy repairing a valuable clock.

## 33 1/3 RPM Side 1



David Byrne of *Talking Heads*. Their music portrays a feeling of astonishing urgency and perplexing introspection.

**TALKING HEADS:** *Stop Making Sense.*

When contemplating **Talking Heads** it will perhaps be fitting to contemplate Brian Eno first.

Eno, a sometime protegé of Andy Warhol's Velvet Underground factory, first came to attention when he formed **Roxy Music** together with Brian Ferry in the early Seventies. They created what instantly became known as "Glam Rock", promoting their music with outrageous clothes (often female) and stressing their sexual ambience if not ambivalence with luminous make-up. Eno appeared on the cover of *The First Roxy Music LP* bearing a striking resemblance to Veruschka, the great German fashion model. The music, a mixture of the glamorous and the seedy, was hauntingly beautiful, and **Roxy Music** was established among the most innovative, barrier-pushing musicians of the Seventies.

Eno, tired of playing Little Red Riding Hood to Ferry's Big Bad Wolf left **Roxy Music** and established a partnership with David Bowie which resulted in some of the most brilliant rock albums ever created: Bowie's *Low*, *Heroes* and *Scary Monsters* being cases in point.

Eno eventually left Bowie and moved to New York, where he met David Byrne. The two developed an instant obsession with each other, started living together and were even given to wearing each other's clothes, what's more. Eno was to enter into the third fateful partnership of his short but eventful life — a partnership which, like the preceding two, would change the face of relevant contemporary music forever.

**Talking heads** was born. Albums like *Fear of the Music*, *77* and *Talking Heads* followed, portraying a music of astonishing urgency and perplexing introspection. They became the first rock band to incorporate indigenous African rhythms in their material. In the fusions and confusions that followed the advent of Punk, which they had defined, Talking Heads stayed aloof from the muddle of synthesized metal and teenybopperprettypop which ensued.

In 1983 Eno left Byrne and moved to Paris, where he now lives as a total recluse. His only dabbling music occurred late last year, when he produced the brilliant **U2** album, *The Unforgettable Fire.*

From the evidence of *Stop Making Sense,* the first Heads album since Eno's departure, that event has had a startling effect on the band's sound. The album forms the soundtrack of an hour-long video — the first rock video ever to be nominated for an Oscar this year — and the sound communicates a clearness and luminosity never before allowed on their albums.

The only aspect I've ever resented of Heads albums was their murky quality — the songs tended to sound as if they had been recorded in a box. *Stop Making Sense* is a volcano of sound, spewing fiery flints of emotion and musicality wherever it touches.

I play this record loudly, listening through stereo headphones, and I FAINT! Byrne's idiosyncratic vocals rip through my head: Exhilaration! Magic! I smash the glass down on my room divider. I kick the chair. The old lady from next door peeps through my window and mutters something. "I'm an or-di-na-ry guy, BURNING DOWN THE HOUSE!" I yell along to the music. I try to light a cigarette and burn my finger. I check the old lady through the window: she's rushing off, probably calling the police or the fire brigade, what do I care?

Burnt, blooded and bruised I stagger down to the *Ou Stal* for a stiff tot of what killed aunt.

An unforgettable record. □

**MARINUS VON RAVENSTEIN**

## Kunskalender

THEATRE:

**Baxter:**
Until 16 March **The Wrong Time of the Year by Robert Kirby, with Richard Haines, Anneline Kriel Kerzner and Silamour Philander.**
Starting 20 March **Tramway Road by Ronald Harwood.**

**Baxter Concert Hall:**
5-16 March **Major Schisstirrer, a satirical revue by Guy Willoughby.**
24, 31 March **The Passion, Peter Krummeck's adaptation of the Gospels.**

**H.B. Thom:**
28-30 March **Die Wildsboudjie, by Fritz Steyn, presented by Capab.**

**Nico Malan Arena:**
Until 23 **March Barbara Carte Blanch and Friends . . . à la Carte '85, an adult revue.**

MUSIC & OPERA:

**Cape Town City Hall:**
17, 24 March **Sunday concerts.**
14, 21, 28 March **Symphony concerts.**

**Nico Malan Opera House:**
16, 19, 23, 26, 29 March **Aida by Verdi.**

**Oude Libertas Amphitheatre:**
16 March **I Musicanti, conducted by Allan Stephenson.**

**Endler Hall:**
18 March **I Solisti Italiani.**
27 March **Bach: St. John's Passion.**

**Sunday Evening Concerts:**
17 March **J.S. Bach: Goldberg-variations.**
24 March **Compositions of Alban Berg.**

DANCE:

**Nico Malan Theatre:**
14-23 March **Dance Contrasts II; 6 Ballets.**

**Baxter Studio:**
6-23 March **About 14 Feet, presented by Jazzart.**

**Baxter Concert Hall:**
20 March **Celibrity '85, directed by Yvonne Copley. Featuring UCT and Capab Ballet.**

FILMS:

**Cine 1 & 2:**
4-16 March **Film Festival.**
11-16 March **Finders Keepers.**
18-19 March **Chariots of Fire.**
18-23 March **The Little Drummer Girl.**
20-21 March **Educating Rita.**
23 March **Revenge of the Pink Panther.**
18-23 March **Cannonball run II.**
25-27 March **Police Academy.**
25-30 March **Fantasia & Revenge of the Nerds.**
28-30 March **Scarface.** □

# Oud-Matie maak digters-debuut

In Januarie 1985 maak 'n debuutbundel in Afrikaans sy verskyning. Maar dit is nie net nog 'n debuutbundel nie. *Vuurwerke* van Pieter van der Lugt maak opslae in die digwêreld.

Die digbundel word uitgegee deur Human en Rousseau. Die uitgewery is vyf en twintig jaar oud en Ou Mutual stel vyf pryse van R1 000 elk beskikbaar. Een van die pryse is toegeken aan Pieter van der Lugt vir sy bundel *Vuurwerke*. Die ander vier pryswenners is name waaronder enige debuutdigter trots kan wees om te tel: Karel Schoeman, Rykie van Reenen, Wilma Stockenström en Rona Rupert.

Die 23-jarige Pieter van der Lugt het sy B.A. en sy honneursgraad in Afrikaans-Nederlands in 1983 aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Hy het reeds vanaf sy eerste jaar op Stellenbosch aan die bundel begin skryf en ná byna vyf jaar van sifting en skawing het hy met die veelbesproke bundel voor die dag gekom. Hy is vanaf 1984 'n Wits-student wat sy M.A. in die Nederlandse letterkunde onder John Miles doen.

Pieter het as pastorieseun op Montagu grootgeword. Sy pa, ds. Jozua van der Lugt, is ook 'n oud-Matie. Hy was redakteur van elke moontlike Stellenbosch-publikasie en is al oor baie jare 'n medewerker van *Rapport*, veral as resensent.

Die bundel *Vuurwerke* bestaan uit nege-en-veertig gedigte, wat opgesom word in die volgende klein "epiloog" op die laaste bladsy van die digbundel: *dalk is die doel van dié ou spul/ bloot om te kom waar liefde lê:/om sterflikheid met saad te kul/en hemel hier op hel te hê.*

*Vuurwerke* is 'n bundel liefdesgedigte met 'n paar gedigte wat handel oor die digter self: "die jaar van die lug", "mag ik mij voorstellen?" en "leefverslae".

Die gedigte behoort aanklank te vind by 'n wye leserspubliek: daar is baie gedigte wat wetenskaplik baie goed deurdink en tegnies baie fyn is, ander is gevoelsgedigte wat miskien plek-plek daarmee weghardloop. In dié sin van die woord is hulle ware vuurwerke. Die eenvoud en eerlikheid van die gedigte dra by tot die sukses van die bundel.



Pieter van der Lugt

'n Tweede bundel is reeds by die drukkers en Pieter is besig om aan sy derde bundel te werk. Ons sien uit na die verskyning van die volgende bundel, veral as dit 'n voortsetting is van die standaard van *Vuurwerke*. □

**R. VICTIM**

L'Auberge Provençale
FRENCH RESTAURANT

TRY US FOR A PIZZA, PASTA, SALAD, STEAK, FRENCH FOOD OR JUST A SNACK LIKE A HAMBURGER, OMELETTE OR TOASTED SANDWICH.

★

SUNDAY NIGHT IS PIZZA NIGHT. CHOOSE YOUR OWN PIZZA AND FRENCH SALAD FOR ONLY R5,00 AND LISTEN TO LIVE MUSIC.

OPEN 7 DAYS A WEEK

DROSTDY CENTRE, Cnr. BIRD & ALEXANDER STREETS, STELLENBOSCH
TEL. (02231) 71942

U.U.B. VIR AL U

★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk

PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

# Oud-redakteurs maak verklaring oor *Die Matie*

**Persverklaring deur Oud-Hoofredakteurs van *Die Matie* 12 Maart 1985.**

DIE afgelope elf jaar se Hoofredakteurs van *Die Matie* het die volgende persverklaring uitgereik:

*Die Matie* het 'n lang en trotse tradisie van kritiese en onafhanklike beriggewing en kommentaar. As sodanig het die koerant histories 'n belangrike funksie as spieëlbeeld van strominge en forum vir 'n wye veld van idees op Stellenbosch. In die praktyk beteken dit dat daar oor sowel studente-aktiwiteite as belangrike kwessies in die breër samelewing, geskryf word.

Suid-Afrikaanse studente kan hulself nie van die samelewing se sosio-politieke werklikhede afsny nie. Stellenbosse studente het dit dan ook nog altyd in 'n mindere of meerdere mate besef. Trouens, sedert die sewentigerjare is daar met hernieude intensiteit probeer om hierdie sosiale verantwoordelikheid na te kom. Dit strek tot eer van *Die Matie* dat dié blad nie slegs hierdie verwikkelinge weerspieël het nie, maar deurgaans 'n leidende rol gespeel het om dit te laat plaasvind. *Die Matie* het 'n belangrike funksie om hierdie verantwoordelikheid op Stellenbosch lewend te hou.

Ons wil ons nie met die huidige studente-politiek en die onderhawige polemiek bemoei nie. Ons wil graag glo dat Stellenbosse studente steeds in staat is om hul rol as verantwoordelike landsburgers in 'n samelewing met besondere uitdagings te vervul. In hierdie opsig behoort *Die Matie* ongehinderd sy deel by te dra. *Die Matie* was nog altyd een van Stellenbosch se besonderse produkte; juis weens die blad se sosiale betrokkenheid en onbevange benadering.


In die lig van die aankomende monstervergadering vertrou ons dat 'n besluit in verband met die toekomstige rol van *Die Matie* nie ten koste van die koerant of Stellenbosch sal wees nie. Korttermyn gevoelens mag hierin geen rol speel nie — die implikasies van enige besluite daaroor behoort deeglik en in 'n kalm, beredeneerde atmosfeer, oorweeg te word.

*Die Matie* het 'n plig om oor sowel die goeie as die slegte, sowel dit waarop Stellenbosch trots is as dit waaroor selfondersoek nodig is, te skryf. Om *Die Matie* daarin te probeer stuit is om persvryheid in te kort. Hopelik sal dit nie deur 'n ondeurdagte, tydsgebonde besluit ongedaan gemaak word nie.

| | |
|---|---|
| Altus Joubert | Redakteur: 1973/74 |
| Koos Bekker | 1974/75 |
| Freddie Marais | 1975/76 |
| Etienne van Heerden | 1976/77 |
| Chris Heymans | 1977/78 |
| Louis Heyneman | 1978/79 |
| Kobus Pienaar | 1979/80 |
| Coenraad Pieterse | 1980/81 |
| Ian Theron | 1981/82 |
| Jacques Joubert | 1982/83 |
| Corinne Oosthuizen | 1983/84 |


## Matie-redaksie

**HOOFREDAKTEUR:** ANTON STEENKAMP, Merrimanlaan 62 (Tel. 6448)
**REDAKSIEKANTOOR:** LTD-gebou nr. 0024 en 0025 (Tel. 72332 en 5979)
**SEKRETARESSE:** SONIA LOUW, Nerina (Tel. 2018)
**BOODSKAPPE:** Sekretaresse, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138)
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** RIAAN SMIT, Andringastraat
**ADVERTENSIEBSTUURDER:** JANNIE NEL, Merrimanlaan 62 (Tel. 6448)
**HOOFNUUSREDAKTEUR:** ERIC LE GRANGE, Huis Marais (Tel. 2287)
**AKTUELE REDAKTEUR:** LOU-MARIE KRUGER, Pieke-woonstel nr. 5 (Tel. 9882)
**NUUSREDAKTEUR:** MARISA HONEY, Brandwachtstraat 91 (Tel. 4541)
**SPORTREDAKTEUR:** DAVID V.D. WESTHUIZEN, Dagbreek (Tel. 71002)
**KUNSREDAKTEUR:** ANSO VAN ZYL, Jan Cillierstraat 6 (Tel. 9772)
**SOSIALE REDAKTEUR:** CHARL DU PLESSIS, Brandwachtstraat 32 (Tel. 024-36481)
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** OCKIE DUPPER, Liebenhof 18 (Tel. 4838)
**TAALREDAKTEUR:** Vakant
**ASSISTENT-TAALREDAKTEUR:** Louis van Wyk, Eendrag (Tel. 72610)
**HOOFFOTOGRAAF:** MICHAEL VENTER, Dagbreek (Tel. 71002)
**SPOTPRENTTEKENAAR:** ADRIAN LOUW, Majuba (Tel. 2010)
**SUB-REDAKTEUR, NUUS:** Jeanne Cilliers
**NUUSVERSLAGGEWERS:** M. du Toit, E. Wessels, C. Barnard, H. Gerber, S. Malherbe
**SUB-REDAKTEURS, SPORT:** Jeanine Okkenburg en Robert Bricout
**SPORTVERSLAGGEWERS:** Q. Basson, R. van Coller, C. Hunsinger, H. Bester
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** Dorrieh Elahi
**KUNSVERSLAGGEWERS:** S. Brits, S. Pauw, M. Visser, C. Bellingan, A. Lubbe, L. Poorter, R. du Preez
**SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL:** Nicolette Louw
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** R. Swanepoel, F. Brand, M. von Broembsen, E. Hamman
**SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR:** Craig Cleaver
**INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** S. Herholdt, S. Mathews, J. Grobler, M. Truter, F. Beukman


## VISE-REKTOR AKADEMIES

# Akademiese waardes moet bevorder word

"VIR my is 'n belangrike rol van die universiteit in die samelewing ook om die sentrum te wees waar akademiese waardes bevorder kan word en van waaruit hierdie waardes in die samelewing kan deurwerk. Ek bedoel hiermee die waardes van redelikheid, van kritiese denke en van die oop gesprek waarin die oortuigingskrag van argumente die deurslag gee en nie emosionele voorkeure en vooroordele nie." Prof. H.W. Rossouw, nuwe vise-rektor (Akademie), het in 'n onderhoud met *Die Matie* gesels oor sy nuwe pos. Voor 1985 was prof. Rossouw ook vir 21 jaar verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch as senior lektor en later professor in die Filosofie. *Die Matie* het hom ook uitgevra oor sy siening van 'n universiteit, die moontlikheid van 'n studente-dekaan en akademiese toelatingsvereistes.

**Wat het u gedoen voordat u aangestel is as Vise-Rektor Akademies? M.a.w. hoe sou u u lewensgeskiedenis beskryf?**

Ek het in 1950 aan die Paul Roos-Gimnasium gematrikuleer. Daarna het ek die BA-graad met Grieks, Latyn en Filosofie as hoofvakke verwerf. Nadat ek ook 'n M.A. en B.D. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het, het ek aan die Vrije Universiteit te Amsterdam studeer waar ek in Mei 1963 onder prof. G.C. Berkouwer gepromoveer het. Ek het onmiddellik na my terugkeer as senior lektor in die Filosofie by die Universiteit van Stellenbosch ingeval. In April 1972 het ek professor in die Filosofie geword.

Ek het vanjaar 5 kinders op universiteit wat in 5 verskillende fakulteite studeer. Hulle hou my ingelig, nederig en platsak.

**Wat behels die nuwe pos Vise-Rektor Akademies wat u nou beklee?**

In die algemeen gesproke is dit die bedoeling dat dié pos 'n ondersteunende diens aan die Rektor sal lewer ten opsigte van die bestuur en die administrasie van die onderrig- en navorsingsfunksies van die universiteit. Wat regstreeks onder die pos ressorteer, is die afdeling van die Registrateur (Akademies), waaronder kursusse, beurse en lenings en eksamenaangeleenthede val, die biblioteekdienste, die navorsingsadministrasie van die universiteit en die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys. Die doeltreffende funksionering van hierdie dienste kan baie help om te verseker dat dosente en studente van die Universiteit van Stellenbosch in 'n posisie bly om die hoogste akademiese standaarde na te streef. Vir my is laasgenoemde doelstelling van deurslaggewende belang.

**Hoe vereenselwig u u filosofiese agtergrond met die pos wat u nou beklee?**

Hoewel ek vanselfsprekend nie dink dat 'n filosofiese agtergrond 'n noodsaaklike vereiste vir die pos is nie, wil ek graag glo dat dit darem ook nie 'n diskwalifikasie is nie. Die universiteitswese bevind hom die afgelope tyd in 'n kritieke en onsekere oorgangsfase waarin die tradisionele identiteit van die universiteit deur 'n verskeidenheid faktore onder druk geplaas word. Besluitneming veronderstel al hoe meer 'n indringende en breë besinning oor die wese en funksies van die universiteit in 'n veranderde en steeds veranderende omgewing. 'n Filosofiese agtergrond behoort nie 'n nadeel te wees by so 'n besinning nie. Inteendeel. Sedert die stigting van Plato se Akademie was die gees van die filosofie tog nog altyd 'n integrerende en grondliggende bestanddeel van die akademiese denke en van die institusionalisering daarvan in die universiteit, dan nie?

**Hoe sien u die rol van 'n universiteit in 'n samelewing?**

Vanweë die toenemende belangrikheid van die wetenskap en van die toepassing van wetenskaplike kennis by die inrigting van ons daaglikse leefwêreld, het die universiteit ongetwyfeld die taak om in die samelewing se behoefte aan wetenskaplik opgeleide hoëvlakmannekrag te voorsien, en om in sy navorsing ook aandag te gee aan die dringende probleme waarmee die samelewing te kampe het. Vir my is 'n belangrike rol van die universiteit in die samelewing egter ook om die sentrum te wees waar akademiese waardes bevorder word en van waaruit hierdie waardes in die samelewing kan deurwerk. Ek bedoel hiermee die waardes van redelikheid, van kritiese denke en van die oop gesprek waarin die oortuigingskrag van argumente die deurslag gee en nie emosionele voorkeure en vooroordele nie.

## Matie- Gesprek

**Lou-Marié Kruger gesels met**



**Prof. H.W. Rossouw**

**Watter rol kan Stellenbosch (of enige ander Suid-Afrikaanse universiteit) in Suid-Afrika speel. Of liewer watter rol behoort universiteite volgens u in Suid-Afrika te speel?**

Die Suid-Afrikaanse samelewing is 'n erg gefragmenteerde samelewing sonder 'n hegte eenheidsband en sonder veel middelpuntsoekende kragte. Indien ons die konflikpotensiaal van so 'n samelewing wil verminder ter wille van ons almal se welsyn, sal ons moet leer om tot 'n verstandhouding met mekaar te kan kom en om die vervreemding deur kommunikasie te oorwin. Deur mense op te voed in wat ek vroeër die waardes van redelikheid en van die oop gesprek genoem het, kan die universiteit 'n baie belangrike rol speel op die weg na 'n meer leefbare toekoms vir al ons land se mense. Dit is natuurlik bo en behalwe die voor-die-hand-liggende rol wat die universiteit te speel het in die sfeer van opleiding en van die generering van nuwe kennis.

**Wat dink u van die idee van 'n studente-dekaan?**

Ek is ten gunste daarvan. By ons universiteit was daar nog altyd 'n baie simpatieke houding teenoor studentebelange, en alle moontlike pogings is tot dusver aangewend om hierdie belange doeltreffend te behartig. Met die geweldige groei in studentegetalle wat die universiteit die afgelope twee dekades beleef het, het die tyd seker nou aangebreek om ernstig daaraan te begin dink om 'n persoon af te sonder wat voltyds

(Vervolg op bl. 11)




Jac. J. du Toit!

DIE MATIE

VILJOEN

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Studentekoerant word Verwelkom.

WAT ONS LEIERS VAN HIERDIE POGING DINK.

Die Pierewieters Toer Weer.

Suikerbossie Melksalon.

Gebroeders De Wet

STUDENTE!!

APTEKERS

C.S.V.-Boekhandel

Joerning en Seun

Die voorblad van die eerste *Matie* wat op 1 Augustus 1941 verskyn het. *Die Matie* as nuusblad is allerweë verwelkom en volgens die voorblad het dit die goedkeuring van leiers op alle gebiede gehad. *Die Matie* was op daardie stadium die mondstuk van die ANS, wat die voorloper van die huidige ASB was.

# Oud-redakteurs praat oor *Matie* se rol op kampus

*DIE MATIE* het 'n paar oud-redakteurs van dié koerant genader oor hulle siening van die rol van DM. Hieronder volg hul uitsprake:

**Ds. Jozua van der Lugt** (1953 en 1956): Ek sien *Die Matie* as volwaardige koerant wat 'n eie opinie móét hê, maar ook die studente-opinie moet uitdruk, die waarheid moet uitlig en kontroversiële sake met diskresie moet behandel.

**Etienne van Heerden** (1977): Daar sal altyd 'n driehoeksverhouding tussen *Die Matie*, die SR en die Studente-unie bestaan en hierbinne speel *Die Matie* die klassieke rol om optredes te bevraagteken. Aan die een kant moet *Die Matie* inligting weergee, maar aan die ander kant moet hy ook gesprek stimuleer en rondom kontroversiële aangeleenthede vrae stel.

**Chris Heymans** (1978): *Die Matie* behoort sowel beriggewer as kommentator te wees. Beide dié funksies moet *Die Matie* krities benader. *Die Matie* het die funksie om oor koshuisaktiwiteite berig te doen, maar nie op dieselfde manier as ander studentekoerante nie, omdat daar baie goeie koshuisblaaie op Stellenbosch bestaan. *Die Matie* het vanaf die sestigerjare van lokaalrealisme wegbeweeg en in die laat-sewentigerjare vir hom 'n politieke funksie afgebaken. *Die Matie* het strukturele veranderinge aan die Stellenbosse studentepolitiek geïnisieer en in so 'n mate daarin geslaag dat die Studente-unie die SR gedwing het om polities betrokke te raak. Dit is nie verkeerd dat *Die Matie* gereeld kontroversieel is nie omdat 'n verdere funksie van *Die Matie* is "om te krap waar niemand anders krap nie."

**Louis Heyneman** (1979): Die heel belangrikste is persvryheid. *Die Matie* moet nie 'n sosiale bladjie wees nie. Om *Die Matie* met sosiale nuus te oorlaai is belaglik. *Die Matie* moet juis leiding neem, ook op politieke gebied. *Die Matie* moet verder gesprek stimuleer en moet neutraal staan binne die studentegemeenskap. As die Studente-unie die persvryheid van *Die Matie* inkort, sny hulle hul eie keel af. *Die Matie* as kanaal moet oopbly sodat studente daarbinne hulle menings kan lug. Soos reeds genoem is, is persvryheid die heel belangrikste, maar *Die Matie* moet ook altyd relevant bly. Die goue middeweg moet tussen sosiale nuus en kontroversiële aangeleenthede gevolg word en hierin moet die studente die Matie-redakteur vertrou.

**Kobus Pienaar** (1980): *Die Matie* het 'n verantwoordelikheid teenoor die kampus. *Die Matie* kan nie leiding neem as hy nie diegene wat hy lei in ag neem nie. *Die Matie* moet inligting oordra, neutraal staan, objektief beriggee en kommentaar lewer in die hoofartikel. Die samelewing het meer gepolitiseerd geword en elke student moet in 'n mate verander en daarom moet *Die Matie* ook tred hou met die veranderinge, ook op politieke gebied. Op elke gebied van die studentelewe moet *Die Matie* aan die studente gee wat vir hom van belang is.

**Ian Theron** (1982): *Die Matie* is in die eerste plek die verskaffer van inligting, maar die rol van *Die Matie* gaan baie verder. 'n Studentekoerant kan hom nie alleen bepaal by studentesake nie, want die koerant het nie te doen met oningeligte lesers nie. *Die Matie* het 'n opvoedingstaak wat in die eerste plek die verskaffing van korrekte inligting behels, maar in die tweede plek bestaan in die bekendmaking van kontroversiële aangeleenthede. *Die Matie* moet 'n goed ingeligte student die wêreld instuur deur nie alleen studente-aktiwiteite te dek nie, maar ook ander aktuele sake wat die lesers in die breë verband raak.

**Corinne Oosthuizen** (1983): *Die Matie* het 'n veelsydige funksie, en die koerant is in die unieke posisie dat dit die enigste onverbonde studentekoerant is. Daarom kan *Die Matie* meer as enige ander koerant berig gee oor alle kante van kontroversiële sake.

Daar moet ook altyd in gedagte gehou word dat *Die Matie* 'n wye spektrum in sy berigte moet dek, maar slegs oor beperkte plek en geld beskik.

Solank as *Die Matie* wel iets van alles plaas, en veral debat stimuleer, bly *Die Matie* relevant.

# MOSIES

**DIE volgende mosies gaan vanaand op die monstervergadering voorgelê word.**

*1. Dat*

*i) Die studente-unie geen vertroue in die redaksie van* Die Matie *het nie en 'n beroep op die redaksie doen om te bedank;*

*ii) verdere uitgawes van* Die Matie *opgeskort word tot Woensdag, 8 Mei 1985;*

*iii) die SR voor 16 April die redaksiesamestelling van* Die Matie *aanpas om voorsiening te maak dat elke koshuis ten minste een redaksielid, soos deur die HK aangestel, het.*

Voorsteller: *T.G. Roos*

Sekondant: *E. Albertyn.*

*2. Dat die grondwet van die studente-unie as volg gewysig word:*

*Artikel 26 lees as volg:*

*Artikel 26(1) Geen byvoeging tot of verwydering of verandering van die bepalings van die artikel van die Grondwet sal geldig wees nie, tensy dit goedgekeur word deur*

*a) 'n referendum*

*b) 'n meerderheid van 'n monstervergadering of*

*c) 'n tweederde-meerderheid van 'n SP-vergadering met dien verstande dat elke SP-lid bewys lewer van 'n stemming gelykstaande aan die vir verkiesings in die onderskeie kiesafdelings.*

Voorsteller: *Derick de Villiers.*

*3. Dat*

*i) Hierdie vergadering met spyt kennis neem van die omvang van die skade wat aan die Universiteit van Stellenbosch aangerig is weens die negatiewe publisiteit rondom die huidige polemiek en*

*a) die geloofwaardigheid van die universiteit as Tersiêre Inrigting ongekwalifiseerd bevestig;*

*b) die Kommissie van Ondersoek wat deur die Rektor geïnisieër is verwelkom as 'n positiewe stap in die soeke na 'n oplossing van die globale probleem.*

*ii) Die SR opdrag gegee word om 'n Kommissie van Ondersoek daar te stel bestaande uit minstens 2 (twee) SR-lede, 2 (twee) lede van die Studentehof en 2 (twee) verdere lede van die studente-unie. Hierdie Kommissie moet op 'n ad-hoc grondslag aanbevelings vir goedkeuring deur die SP formuleer ten einde:*

*a) Die gebalanseerde belangebehartiging van alle belanghebbende groepe aan die Universiteit van Stellenbosch reglementêr te verseker sover dit* Die Matie *aangaan;*

*b) Gepaste tugmaatreëls met betrekking tot moontlike oortredings deur enige party in hierdie kwessie (soos bevind deur die Rektor se oriënteringskommissie) in te sluit in hul verslag.*

*Die verslag moet ter tafel gelê word op 'n buitengewone SP-vergadering wat geskeduleer moet word vir 'n datum nie meer as veertien dae nadat die oriënteringskommissie se verslag gepubliseer is nie.*

*iii) Die Rektor dringend versoek word om onverwyld aandag te skenk aan die daarstelling van studenteverteenwoordiging op senaatsvlak.*

Voorsteller: *Gerrit de Vos*

Sekondante: *Lorenzo Bossi.*

# Publikasie: 'n wedloop teen tyd

SÓ verloop die *Matie*-redaksie se wedloop teen die tyd wat hulle dikwels tot die vroeë oggendure besig hou:

**Maandagaand:**

Redaksievergadering. Die vorige uitgawe van *Die Matie* word bespreek. Opdragte vir berigte word aan verslaggewers gegee. Foto's word gereël met die fotograwe.

**Dinsdag tot Donderdag:**

Die helfte van die berigte word geskryf (inligting ingesamel, relevante persone gekontak, verwysings opgespoor), getik en ingehandig. Nuwe stories word deur die redakteurs opgevolg. Foto's word geneem.

**Donderdag:**

Berigte word geredigeer, soms oorgeskryf en deur die taalredakteurs nagegaan en sommige foto's word gesoek. Die helfte van die bladsye word deur die betrokke redakteurs en sub-redakteurs uitgelê. 'n Bladsy neem tussen 1½ en ses ure om uit te lê. Plek word oopgelos vir nuwe berigte wat nog geskryf word.

**Vrydag:**

Die bladsye wat klaar is, word vroegoggend deurgeneem na die setters in Kaapstad en die proewe word in die aand teruggebring.

**Sondag:**

Artikels wat Vrydag geset is, word deur die redakteurs op hul bladsye geplak. Veranderinge word steeds aangebring. Nuwe stories word opgevolg en foto's word nog geneem. Berigte van verslaggewers word ingebring, geredigeer, taalkundig versorg en soms oorgeskryf. Die orige bladsye word uitgelê. Die spotprent word geteken.

**Maandag:**

Die bladsye word weer deurgeneem na die setters toe en word vroegaand teruggebring. Dan word die bladsye geplak, nog veranderinge aangebring en gate gelos vir stories wat nog opgevolg word.

**Dinsdag en Woensdag:**

'n Gedeelte van die senior redaksie gaan die hele dag na die setters toe waar hulle bladsye proeflees en verbeter. Stories wat laat inkom word steeds geskryf, geset en ingepas. Die bladsye word gefinaliseer en negatiewe word daarvan gemaak.

**Donderdag:**


Die negatiewe word vroeg deurgeneem na die drukkers in die Paarl, waar die *Maties* gedruk word. Teen middagete kom die 8 000 koerante in Stellenbosch aan en word versprei.

**Vrydag tot Sondag:**

Nuus word ingesamel en berigte word beplan.

**Maandagaand:**

Redaksievergadering. Die vorige uitgawe van *Die Matie* word bespreek . . .



Hier hardloop die rolpers teen die horlosie.

## MONSTER

*(Vervolg van bl. 1)*

Volgens me. Karin Strydom, SR-lid vir Publikasies, is die Publikasiekomitee deeglik bewus van die studente-unie se besorgdheid om die beste moontlike studentekoerant vir die kampus te verseker. "Tog kom die aangevraagde monstervergadering as 'n verrassing in die lig van die min kritiek op *Die Matie* tot dusver."

Me. Strydom het herhaaldelik op SP-sowel as SR-vergaderings gesê dat die korrekte kanaal vir klagtes in verband met enige studentepublikasie die Publikasiekomitee is.

Daar is nooit enige amptelike klagte by die Publikasiekomitee aanhangig gemaak nie, behalwe deur mnr. A.H. du Preez in Eendrag na aanleiding van die min karnavalnuus in *Die Matie* van 28 Februarie.

Die agt lede van die Publikasiekomitee is nie in staat om die hele kampus se uiteenlopende menings behoorlik te verteenwoordig nie. As daar nie kritiek is van die studente-unie se kant af nie, is die komitee nie bewus van enige ontevredenheid nie en kan geen noemenswaardige veranderinge intree om 'n publikasie in die oë van die breë studente-unie te "verbeter" nie.

Enige student wat al langer as een semester aan die US studeer, mag op die monstervergadering stem.

In Maart 1983 is 'n monstervergadering ook aangevra wat oor *Die Matie* moes besluit. 'n Mosie van wantroue in die Senior Redaksie onder mnr. Jacques Joubert is o.a. voorgelê. Die vergadering het uiteindelik die mosie verwerp, maar daar was in elk geval nie 'n kworum teenwoordig toe tot stemming oorgegaan is nie.

## Coenie Slabber kyk wat gebeur



MNR. COENIE SLABBER, 'n lid van die hoofredaksie van *Rapport*, het in verlede Sondag se uitgawe van dié koerant die volgende oor *Die Matie* en sy rol op die kampus geskryf:

**"'n Goeie deel van die land se jongmense wil nou klaargespeel kry met geweld en mensevernedering, met eksklusiwiteit en geheimhouding, en met toesmeerdery. Nie net militêr of in die politiek of in die Afrikanergemeenskapslewe nie. Ook op universiteitskampusse.**

**"Ek dink dit is wat daardie wakker studentekoerant van Stellenbosch, *Die Matie*, al 'n hele rukkie probeer tuisbring. In die jongste tyd is blykbaar teen hom ingespan die krampagtige stryd van 'n oorblywende groepie tradisionaliste onder die studente self, tesame met 'n ietwat ouderwetse owerheid wat ongemaklik raak as dinge te reguit in die daglig gesê word.**

**"Die resultaat die afgelope twee weke was lelik. Die hele land het na Matieland gekyk.**

**"Aan die een kant was dit vir geen oud-Matie lekker nie. Maar aan die ander kant het ons goed gevoel dat dit juis Maties self is wat in opstand gekom het, self ondinge aan die lig gebring het en selfs geëis het dat hul werf skoongemaak word. Hulle lyk in elk geval vasbeslote en sterk genoeg om self te sorg dat die werf skoon kom.**

**"Ja, 'n mens skat die los voorvalle van kriminele barbaarsheid sal seker lankal vergeet wees, die adolessente koshuis-vieslikheidjies nog langer, dan sal die dapper Matie-joernalistiek van die vroeë tagtigerjare nog sy uitwerking toon."**



# perspektiewe en dinge

*THE newspaper I dream of . . . would search out the truths behind . . . appearances and proclaim them, sparing no shams, respecting no conventions solely because they happened to be conventions, giving honour where honour might be due but calling cant and humbug by their names. It would be quite fearless. It would not "hedge" in its treatment of thorny subjects; and if, as would be inevitable, it made mistakes, it would avow them.*

— *Wickham Steed uit* The Press

Hierdie aanhaling is vir my die credo van 'n studentekoerant. Dit is die ideaal waarna 'n studentekoerant behoort te streef; die ideaal waarna *Die Matie* streef; die ideaal waarby die hoofredaksie van *Die Matie* sal staan of val.

Verlede week het daar 'n pienk pamfletjie op die kampus gesirkuleer. Dit kondig met 'n banieropskrif aan: "Monster teen *Die Matie*". Ek word eers kwaad en toe steek ek 'n sigaret aan. Dit help gewoonlik. Dit koel die ontsteltenis so 'n bietjie af en gee 'n mens kans om wéér te dink. Ek dink toe weer.

Die laaste gedeelte van die aanhaling het bly vassteek: ". . . and if, as would be inevitable, it (*Die Matie*) made mistakes, it would avow them."

Op die einste pienk pamfletjie word *Die Matie* van vier "mistakes" beskuldig: Dit skeep studente-aktiwiteite af, dit loop oor van omstrede politieke berigte, dit is uit voeling met Matiegees en dit doen die universiteit se beeld skade aan.

'n Mondvol, sou ek sê. Maar in die goeie tradisie van die kritiese rede kan dit nie sommer daar gelaat word nie.

Dit is 'n wilde bewering dat *Die Matie* studente-aktiwiteite afskeep; tensy my definisie van studente-aktiwiteite verskil van die opsteller van die pamflet s'n.

Studente-aktiwiteite is aktiwiteite waarby studente betrokke is. Eenvoudig. Neem enige van die ses uitgawes van *Die Matie* wat in die huidige termyn verskyn het en gaan dit noukeurig deur. *Die Matie* dek studente-aktiwiteite in die volgende kategorieë: Nuus, Sosiaal, Inter-universitêr, Kuns, Aktuele onderwerpe en Sport. "Afgeskeep?"

Politiek is ook 'n studente-aktiwiteit. SAAK (Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring) en SPOG (Stellenbosse Politieke Ondersoek Gesprekskomitee) het geen funksie op hierdie kampus as ons wil beweer dat politiek nie 'n studente-aktiwiteit is nie. Doen 'n bietjie moeite en vergewis jouself van die talle politieke mosies wat al voor die SP (Studenteparlement) gedien het.

riaan smit

Ek verstaan nie wat met "omstrede politieke berigte" bedoel word nie. Indien die politieke berigte wat *Die Matie* wel plaas so omstrede is, hoekom het dit nie die afgelope termyn in die sogenaamde "oop gesprek" op die kampus ter sprake gekom nie? Die kanale vir so 'n gesprek bestaan mos. Hoekom het die Publikasiekomitee nog nie een klagte ontvang oor beriggewing van 'n politieke aard (laat staan nog omstrede politieke beriggewing) nie?

Mnr. Barnard Beukman, voorsitter van die drie studentetakke van die Nasionale Party, is lid van die Publikasiekomitee. Hy het nog nie juis gekla oor *Die Matie* se politieke beriggewing nie. Dan moet 'n mens mos aanvaar dat dit alles behalwe omstrede is.

My en die opsteller van die pamflet se opvatting van Matiegees verskil blykbaar: Matiegees het veral die afgelope twee dekades tred gehou met 'n veranderende Suid-Afrikaanse samelewing. Stellenbosch het die Afrikaanse Studentebond in 1969 verlaat omdat dié organisasie nie meer 'n ontwikkelende Matiegees kon akkommodeer nie. Dinamiese Matiegees het daarvoor gesorg dat Stellenbosch die eerste Afrikaanse universiteit geword het wat anderskleurige studente toegelaat het om hier te studeer. Groot steun (alhoewel nie 'n meerderheid nie) is verlede jaar in 'n meningspeiling oor oop koshuise (oop vir alle rasse) uitgespreek. *Die Matie* self is moontlik die enigste Afrikaanse studentekoerant wat aan geen vorm van kampussensuur onderwerp word nie. *Die Matie* gebruik hierdie vryheid om Matiegees steeds voort te stu.

Dit lyk vir my asof die inisieerders van die "Monster teen *Die Matie*" 'n verkrampte, tradisionalistiese element op die kampus is. Dit is eerder hierdie element wat uit voeling met 'n dinamiese, verligte Matiegees is.

Dit is vreemd dat *Die Matie* geblameer word vir die skade wat die universiteit se beeld die afgelope tyd aangedoen is. Die feit bly staan: Inwoners van Wilgenhof het die reg in eie hande geneem deur 'n verslaggewer te teer-en-veer en ongeveer 3 000 kopieë van *Die Matie* te verbrand. Dít het die indruk in die pers geskep dat daar anargistiese elemente op Stellenbosch is en dít het die universiteit se beeld geskaad.

*Die Matie* het 'n lang en trotse tradisie van kritiese beriggewing. 'n Redaksie (wie ook al) wat nie die aanhaling aan die begin van hierdie rubriek kan of wil onderskryf, as 'n credo vir *Die Matie* nie, is dit nie werd om die naam *Die Matie* vir hul koerant te gebruik nie.


Die verkrampte element wat nou poog om *Die Matie* vir hul eie kleinlike gewin te skaak kan nie hierdie credo onderskryf nie.




**. . . when it comes to discussion of vital public issues, a timid silence by the Press is a price that no free society can afford to pay.**

**— William A. Henry III from *Time* March 4, 1985**

# MANNA



**En Hy neem 'n kindjie en laat hom in die midde staan en slaan sy arms om hom en sê vir hulle: Elkeen wat een van sulke kindertjies ontvang in my Naam, ontvang My.**

**Markus 9:36 en 37**

# *Stander se amendement oor oriëntering aanvaar*

TYDENS die tweede SP-vergadering van 1985, wat op Dinsdagaand, 5 Maart plaasgevind het, is daar oor nege mosies en vyf dringende voorstelle besluit.

'n Mosie van die ondervoorsitter van die Studenteraad, me. Annami Oosthuysen, wat vra dat die SP hul teenkanting uitspreek oor "die fisiese en geestelike aftakeling van eerstejaars" is deur die Studenteparlement afgestem.

Die mosie van me. Oosthuysen, wat onder meer lui dat "die SP glo dat argumente ter regverdiging van fisiese en geestelike beheer oor eerstejaars, soos 'n beter koshuisgees of die oordra van jarelange tradisies, blote dekmantels is vir senior studente om die manipulasie van eerstejaars te verbloem", is volgens haar 'n pleidooi vir sinvolle oriëntasie.

In die mosie doen die SP ook 'n beroep op Huiskomitees om 'n "einde te maak aan: algemeen gebruiklike skeltaal; die verpligte dra van sekere soorte kleredrag; die bespotting, verkleinering en geestelike aftakeling van eerstejaars; inlywingsmetodes waardeur die liggaam en persoonlike sfeer van eerstejaarstudente aangetas word; en praktyke wat eerstejaars van hulle besondere identiteit ontneem".

Me. Oosthuysen, wat in haar motivering gesê het dat dit "tyd geword het vir die SP om 'n uitspraak te lewer oor oriëntering", se mosie is afgestem nadat mnr. Hendrik Stander 'n amendement tot die oorspronklike mosie voorgestel het.

Hoewel me. Oosthuysen aangevoer het dat die amendement die wese van die oorspronklike mosie verander, is die amendement met 38 stemme teenoor 11 aanvaar. Sewe SP-lede het buite stemming gebly.

Mnr. Stander se amendement wat as die nuwe substantiewe mosie aanvaar is lui as volg:

(a) Die SP glo dat die oriëntering van nuwelinge behoort te geskied om (i) te voldoen aan die besondere behoeftes van die eerstejaars, en (ii) hulle by die funksionering van die hele koshuis in te skakel.

(b) Die SP glo dat bg. doelstellings bereik kan word op 'n sinvolle, leersame en opbouende wyse.

(c) Daarom versoek die SP alle HK's om nie van kleinlike en onbenullige metodes of aktiwiteite wat moontlik fisiese nadeel of sielkundige verkleinering kan lei, gebruik te maak nie.

(d) Ons ondersteun die maatreëls wat die Universiteitsowerhede getref het om wanpraktyke te verhoed, en vereis strenge optrede *indien* dit oortree word.

**Uit die SR en SP**

(e) Die SP erken die reg van koshuise om self te beskik oor hulle eie programme van inskakeling, siende dat die HK en die inwonende hoof volledige verantwoording aan die Universiteitsowerhede verskuldig is.

(f) Siende dat Stellenbosch 'n residensiële universiteit is, beskou die SP die behoud van die besondere karakter van ons universiteitskoshuise as van groot belang.

'n Dringende voorstel van mnr. Christo Kloppers, die SP-lid vir Helderberg, het ook oor die verwelkoming van eerstejaars gehandel. Die voorstel is aanvanklik bedoel as amendement tot die mosie van me. Oosthuysen, maar mnr. Le Roux van der Westhuizen, voorsitter van die SP en SR, het beslis dat indien die voorstel wel as 'n amendement aanvaar word, dit die aard van die oorspronklike mosie te veel sal verander.

Mnr. Kloppers se dringende voorstel, wat onder meer lui "dat die SP sy steun uitspreek teenoor die Universiteitsowerhede t.o.v. die reëls wat hulle opgestel het i.v.m. die verwelkoming van eerstejaars; dat die SP die verwelkoming van eerstejaars by koshuise aanvaar, mits daar streng gehou word by die reëls wat opgestel en voorgeskryf is deur die Universiteitsowerhede", is met 36 stemme teen 3 aanvaar, terwyl 15 persone buite stemming gebly het.

Ander mosies wat bespreek is, het gehandel oor die moontlikheid van 'n SP-kiesafdeling vir die Buitemuurse Afdeling (aanvaar) geldinsameling vir Operasie Honger (verdagingsmosie aanvaar) en semesterlike portefeuljeverslae deur die SR-lede (aanvaar).

Karnaval, die gehalte van warm maaltye, asook die gebruik van drank tussen 12h00 en 14h00 by die LSS is ook bespreek.

Verskeie mosies en voorstelle van nasionaal-politieke aard is ook bespreek, en aangeneem. Hieronder tel mosies waarin die Staatspresident gelukgewens word vir sy "aanbod aan politieke gevangenes vir voorwaardelike vrylating", die parlement gelukgewens word vir "die afstanddoening van 3% van hul bruto salaris", en word die inwerkstelling van die 99-jaar huurpag in Langa, Nyanga en Guguletu verwelkom. Bogenoemde mosies is almal aanvaar.

**Chris Barnard**

# Sosiale stand verdeel Afrikaner se politiek



Mnr. Peregrine Worsthorne, onder-redakteur van die *Daily Telegraph* in Londen, aan die woord tydens 'n SAAK-byeenkoms by die Lanzerac-hotel.

**STEPHAN MALHERBE**

"EK kry nie hier die gevoel dat daar op die rand van 'n vulkaan geleef word nie. Maar aan die ander kant het die mense van Vesuvius dit ook nie besef voordat dit te laat was nie."

### Gevolgtrekking

Dit is die gevolgtrekking waartoe mnr. Peregrine Worsthorne, bekende konserwatiewe Britse kommentator, onder-redakteur van die *Daily Telegraph* en medewerker van die gerespekteerde meningsblad, die *Spectator*, kom. Hy het as gas van die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring (SAAK) 'n groep Stellenbosse studente informeel ontmoet, waarna *Die Matie* 'n onderhoud met hom gevoer het.

Vir mnr. Worsthorne is die grootste verandering wat ingetree het ná sy laaste besoek aan Suid-Afrika in 1978, die Nasionale Party se "vrylike en openlike bespreking van magsdeling met die swartmense. Verder het die Nasionaliste hulle klaarblyklik versoen met die beëindiging van die beleid van afsonderlike ontwikkeling."

Hy het gesê dat die standpunte van die meer liberale Engelssprekendes nie verander het nie, maar dat die Nasionale Party se oorname van baie van dié standpunte hulle verward laat. Nou het die Progressiewe Federale Party (PFP) se rol verander van beleids-innovasie na "die minder glansryke taak om te sorg dat die NP sy retoriek tot praktiese uitvoering bring."

### Verdeeldheid

Hoewel mnr. Worsthorne die gevoel kry "dat daar nog 'n merkwaardige hoeveelheid swart welwillendheid bestaan," dit weens die verdeeldheid van die Suid-Afrikaanse samelewing vir beide die blankes en vir besoekende joernaliste moeilik is om die ware swart gevoel te peil. "Dit is baie gevaarlik vir die regerende groep om afgesny te wees van die groep wat regeer word," het hy gesê.

"Die meer opgevoede en welgestelde Afrikaners is besig om meer liberaal te word, terwyl die minder opgevoede en armer Afrikaners meer reaksionêr is," het mnr. Worsthorne gesê. Die Afrikaner-politiek is nou volgens sosiale stand verdeel: die elite behoort aan die NP, terwyl die KP 'n populêre front vorm.

### Verswak

Hy voel dat dié tendens die regering se posisie verswak. Waar die Afrikaners in die verlede eendragtig was en selfstandig kon regeer, "mag dit vir die regerende elite ná die volgende verkiesing nodig wees om 'n koalisie met die PFP, bruinmense en Asiërs aan te gaan — hoewel 'koalisie' 'n vloekwoord in die Afrikaanse politiek is," het mnr. Worsthorne gesê.

"Dit is soos die situasie in Brittanje waar die werkersklas rassiste in die Treurnicht-sin is, terwyl die regering vanweë beleidsoorwegings 'n sterk anti-rassistiese beleid van druk op Suid-Afrika volg," het hy gesê. Hy meen dat beleid jeens rassisme vandag in die Weste as die suurtoets van moraliteit beskou word.

Hy voel die toenemende ekonomiese welvaart van Afrikaners "kan hul primitiewe gevoel van die essensie van Afrikaanswees verander. Gevolglik mag Afrikaanse weerstand teen oorsese opvattings verminder en die Afrikaanse volk die aanvaarde Westerse kapitalistiese etos aanvaar. 'n Groter ekonomiese aandeel sal waarskynlik die byna godsdienstige vurigheid van die Afrikaner laat verwater."

Mnr. Worsthorne het gesê hy is beïndruk deur die Stellenbosse studente wat hy ontmoet het: "Hulle het daarvoor gesorg dat die bestaande Britse beeld van Afrikaners as stroef, swygsaam en ongesofistikeerd, vinnig by my verdamp het."

### Moontlikheid

Die hoofindruk waarmee mnr. Worsthorne Suid-Afrika verlaat, is dat daar steeds 'n moontlikheid van vreedsame verandering is. "Die meeste blankes wil tot 'n vergelyk met swart groepe kom, en ek dink dat die meeste swartmense nie dieselfde pad as die ander swart state in Afrika wil loop nie."

# *Clockwork Orange* lok reaksie by moraliste

DIE Publikasieraad het in reaksie op besware wat deur lede van die publiek geopper is, die toestemming vir al die vertonings van *A Clockwork Orange*, behalwe een, teruggetrek. Die film het deel uitgemaak van die Stellenbosse filmfees. Onder baie Stellenbossers heers daar groot onsekerheid oor die rede vir hierdie drastiese stap.

### Beswaar

*Clean World*, 'n organisasie wat hom beywer vir die behoud van hoë morele standaarde in die naam van Christelikheid, het met die oorspronklike vrystelling van die film in Kaapstad beswaar gemaak.

Volgens mev. Lord, 'n lid van *Clean World*, het sy in haar persoonlike hoedanigheid opgetree toe sy en "an enormous body of Stellenbosch parents" teen die vertoning van die film in Stellenbosch beswaar gemaak het deur onder andere briewe aan die Rektor, prof. M.J. de Vries, te rig.

### Onwenslik

Mev. Lord beskryf *A Clockwork Orange* as "vile, filthy and degrading" en sê dat die bewys vir die onwenslikheid daarvan die Publikasieraad (wat volgens haar al te permissief geword het) se ouderdomsbeperking van 2 tot 21 jaar daarop is. Hoewel sy nie self die film gesien het nie, glo sy sy kan haar verlaat op menings van "reliable people who report back".

Mnr. Pouliart, eienaar van die filmteater op Stellenbosch, beskou dit as "onregverdig en inkonsekwent" dat dieselfde film wat vir bykans tien weke in Kaapstad vertoon is aan enige lid van die publiek bo die ouderdomsbeperking, nie op Stellenbosch toegelaat word nie. Al waarop dit kan dui, is dat Stellenbosch nog onvolwasse en onderontwikkel is.

Mnr. S.F. du Toit, 'n onderdirekteur van die Publikasieraad sê dat hulle wel die bevoegdheid het om spesifieke films te beperk tot sekere teaters of bepaalde identifiseerbare gehore, soos filmverenigings. Hy kon nie sê wat die kriterium daarvoor is nie.

### Omstrede

Prof. A.B. du Toit, voorsitter van die US Filmvereniging, sê dat hy self geen beswaar het teen *A Clockwork Orange* nie en dat dit wel 'n omstrede film maar ook 'n erkende meesterstuk van die moderne filmkuns is. Hy is daarvan oortuig dat die storm rondom die betrokke film 'n georganiseerde veldtog deur enkele persone is. Die beswaar dat die film deur of onder beskerming van die US Filmvereniging aangebied sou word, berus ook op 'n misverstand.

Volgens prof. Du Toit is daar besliste aanduidings dat die veldtog teen die film op die verspreiding van wanvoorstellings berus het. Baie beswaarders het na berigte in die *Eikestadnuus* verwys as bron vir hul protes dat die film deur die US Filmvereniging vertoon sou word met 'n spesiaal verlaagde ouderdomsbeperking. Die vreemde is egter dat geen sodanige berigte in die *Eikestadnuus* of elders verskyn het nie.

Alhoewel niemand by die bestuur van die US Filmvereniging in hierdie verband navraag gedoen het nie, het iemand gesorg dat al die persone wat deur middel van briewe beswaar gemaak het by die Rektor, dieselfde foutiewe inligting gekry het.

## Regslui vir Menseregte

**US in diens van die SAW?**

**Mnr. M.J. de Waal (Regsfakulteit).**
**Prof. A.B. du Toit (Politieke Filosofie).**
**Mnr. W. Steenkamp (*Cape Times*).**
**19h30 Donderdag 14 Maart Ou Hoofgebou.**

# KJA wil gesprek hê oor onreg

"DIT is nie die doel van Aksie Sosiale Geregtigheid om mense tot die KJA-bestuur se standpunt te oortuig nie. Ons wil slegs gesprek aanmoedig en dit aan elkeen oorlaat om vir homself te besluit," het die voorsitter van die KJA, mnr. Hans Muller, Sondagaand tydens 'n paneelbespreking oor "Die KJA en Politiek" gesê.

"Ons het nie die bevoegdheid om standpunt namens die gemeente in te neem nie en sou verkeerd optree as ons dit sou doen. Die enigste mense wat kan standpunt inneem is die kerkraad en dus op die ou end die gemeente. Oor die feit dat ons gesprek wil aanmoedig sou niemand ons kan afskiet nie," het hy gesê.

Volgens mnr. Muller behoort die KJA hom nie van betrokkenheid by sosiale geregtigheid te weerhou omdat dit so nou met die politiek verbind is nie.

"Christus is teen lyding. Dit is tot ons kerk se skade en skande as ons nie genoeg aandag aan onreg gee nie. Ons as kerk se geloofwaardigheid is op die spel," het hy gesê.

# *Akteurs kan speel op straat*

DIE idee van 'n straatteater is verlede Vrydag by die SR-Kultuurkongres aan al die kultuurverenigings voorgelê.

Die voorsitters van die kultuurverenigings op die kampus het gedurende middagete bymekaargekom, waar die funksie en werking van die beoogde straatteater verduidelik is.

Die idee, wat by Willem Smuts posgevat het, is om studente die geleentheid te bied om elke Dinsdag tussen 13h00 en 14h00 hulle kreatiwiteit op die proef te stel of sommer net "hulle ding te kom doen".

Die straatteater in die amfiteater by die biblioteek sal van dramas tot debatte en orkesoptredes aanbied.

Enige persoon of persone wat wil deelneem of nuwe idees het kan hulle naam op die lys by die SR-kantoor plaas of vir Willem kontak by tel. 9788.


## Raak u Verloof?

*lees dan verder . . .*

*Die besluit om verloof te raak is een van die belangrikstes in u lewe . . . die keuse van die regte verloofring byna net so. Gelukkig is daar 'n diamantdeskundige op wie u kan vertrou en u met raad en hulp sal bystaan.*


*Spectra Diamante is 'n diamantsaak met eie goudsmeewerke wat diamante en monterings teen groothandelpryse direk aan die publiek verskaf. Besparings van tot 50% is moontlik op kleinhandel pryse.*

*Daar is 'n groot verskeidenheid verloofringe sowel as los diamante en monterings om van te kies.*

*Elke diamantring word verskaf met 'n volledige graderings-en-waardasie sertifikaat . . . u waarborg van egtheid en gehalte.*

*Kom gesels met Jimmy Taylor, hy sal u help om diamante te verstaan en om die beste keuse binne u begroting to maak. Of, skryf vir ons gratis brosjure; "Kies 'n Diamant".*

SPECTRA DIAMANTE
Sabelsentrum Nr 7
H/v Voortrekker & Durbanweg
Bellville Tel 97 5552

# Monk captures dark corners

(Photo-exhibition in the University's Art Museum, Dorp Street. Photographers — William John (Billy) Monk.)

Billy Monk? The name is a complete contradiction to the lifestyle of this new anti-hero, for he definitely did not live apart from the world under vows of poverty, chastity and obedience. Billy Monk was not a conventional man.

His photos of the divergent group of patrons of the Catacombs club in Cape Town were first hung to rave reviews at the Market Gallery in Johannesburg, in July 1982. These photos tell stories of the Cape Town people of the late sixties; the people with the mini skirts, bee-hive hairstyles, leather-jackets, hipsters and thin paisley ties.

Billy Monk worked as a bouncer at the Catacombs Club and he was feared throughout town. In his spare time he pointed the lens of his 35mm Pentax at the people in the dark corners of the club, capturing the raw intense world of the whores, the sailors, transvestites and other jorlers. The difference between Monk's photos and those of other social-documentary photographs, is that his was unsophisticated and naive.

He was intensely involved in life at the club and therefore his photographs are purely documentary. In the words of photographer Jac de Villiers, "Monk was not a spectator; he was part of the crowd, the life and flavour of the club. The power of his work lies in this."

Lin Sampson, in the *Sunday Times Magazine*, described Monk as a man who "has been places. He was once a Woolworth's model and when he was a bouncer in a night club he kept a baseball bat under the desk for the extra plunge. He had been a photographer's assistant and gone around the world with a film company. He'd done the early Hashish lifestyle and had a sandal shop and a vegetarian restaurant. It was rumoured he had once been to the Cape Town College of Music."

In the last years of his life he was a diamond diver off the coast of Port Nolloth. He came down to Cape Town for a weekend when word eventually reached him that his photos were being exhibited in the Market Gallery. He planned to leave for Johannesburg but got involved in a quarrel with two of his friends; shots were fired from a .22 Star pistol and one went through Billy Monk's heart.

He never saw his work exhibited.

**LOMIN SAAYMAN**



A depiction of Monk's *whores and sailors.*



Billy Monk, from Jack of all trades to acclaimed photographer.

**OPPORTUNITY FOR ACROBATS**

USAT needs acrobats, fire-eaters and magicians for their production of *Marat/Sade* which will be performed in May. Interested parties should contact Marinus von Ravenstein through the SRC office.

# Dress up to *Klash*

KLASH, the boldest concept in fashion to hit Stellenbosch yet, opened to a champagne crowd in the Drostdy Centre last week.

For those who dare to dress a little differently, this novel boutique soon filled with curious folk eagerly experimenting in new clothing co-ordinates.

Was it the live models, Alison and Gary, in the shop window with the display dummies, or the original jukebox and niggerball machine among the splashes of primaries that drew them in? It was much more. Weeks of brainstorming and hard work by Stellenbosch businessman Mr Fernando Rodrigues and one of South Africa's most upfront designers Ms Mimi Levitas, and their team, has filled an exciting need in the local market.

Courage soon killed curiosity as patrons realised that Klash's labels had smartly side-stepped clinical chic to make fashion comfortably fun.

And that was the reaction this partnership expected. "People need to be real, to be unrestricted in their clothing statements," says Mimi, a former graphics and psycho student at Maties. She can gear anyone, from straight lawyers to freaky punk posers, for her range of designs is diverse enough to pamper any style. It's geometric and loose, as she takes classic lines to their limits or simply adds a dash of freedom to conventional ideas — clever but contagious cheek has got Mimi where she is.

She uses her own exclusive textile designs and imported samples prefering, where possible, natural fibres. Hence her threads tend to be limited editions.

If you need formal suits for gala moments, casual wear for sporty jaunts or androgenously tech units for clubbing, the concepts at Klash will meet every occasion. Style has always been the key to the status system, but here it's not high finance for high style.

There're no roles to play, the shape doesn't necessarily count. Bad boys can take girls over the top, be openly naughty, play with lion brand matches and have electric affairs. Klash-ing colour is designed to keep you ahead.



A range of cartoons, graphics, tartans, paisleys, pinstripes and solid colours to choose from at *Klash*.

**digters digters digters**
**digters digters digters**

**GEBED OM KABOUTERS**

**Kom speel met my —**
**kom, kom**
**(— Vinkel en Koljander —)**
**Wiegeliedjie waarheid lieg**
**een soos die ander**
**(oog vir oog) klappertand**
**Kom kyk my knieë bieg.**

**HANLIE MALAN**

# *Cameo* stel ter viering ten toon

*CAMEO/MUSICALIA* is vanjaar vyf jaar oud. Dié klein handwerkwinkeltjie het al diep in die harte van kunsliefhebbers op Stellenbosch ingekruip. Ter viering van die vyfjarige bestaan word 'n handwerkuitstalling op 23 Maart geopen. Mev. Nana Wagner, eienares van *Cameo*, het al haar voorsieners versoek om drie of vier van hul mees spesiale werke vir dié geleentheid te stuur.

Onder hierdie kunstenaars tel o.a. Andrew Walford, Shirley Cloete, Hym Rabinowitz en Barry Dibb. 'n Kenmerk van al die items in haar versameling is dat dit nie bloot tegnies afgeronde werk is nie, maar ook artistiek bevredigend. Alles, van die handgeblaasde glasware tot die droommooi porseleinpoppe van Maureen van Dam, getuig van goeie smaak en 'n oog vir kuns en kwaliteit.

Daar is nie baie items nie. Mev. Wagner sê sy stel nie belang om laer kwaliteit ware te verkoop nie, en dat sy dus finansieël gebind is tot 'n kleiner versameling. Sy verkies dit egter so, aangesien die kyker elke item individueel kan waardeer en nie oordonder word deur blote kwantiteit nie.

In April hou sy 'n uitstalling van die werk van Johnathan Bloomberg en sy vrou Beverly. Hy is nog maar vier jaar besig met pottebakkery, waarvan twee jaar onder Hym Rabinowitz was, en hy toon baie belofte.

Verdere uitstallings wat beplan word is een van die werke van Andrew Walford en een van die werk van Peter Lee. Sy beplan ook 'n uitstalling van Dorkamatte, en oor Kersfees sal sy 'n uitstalling van handgemaakte Kersversierings hê. Daar sal ook nog 'n paar verrassings deur die jaar opduik, volgens mev. Wagner.

Mev. Wagner se ideaal is dat die handwerk van Suid-Afrikaanse kunstenaars in eie reg erken sal word en sy voel dat daar behoefte is aan 'n Handwerkgilde. Mense is geneig om te dink dat alle kwaliteit-artikels ingevoer moet wees. Die Suid-Afrikaanse ware word misken.

"Ons sit al met 'n derde geslag pottebakkers en daar is nog steeds museums wat nie aan 'n versameling kontemporêre erdewerk van Suid-Afrikaners begin bou het nie. Potte van Esias Bosch, een van die pioniers in Afrikaanse keramiekkuns, is nie meer beskikbaar nie, tensy dit van private versamelings gekoop word. Daar is dus al reeds 'n leemte."

*Cameo* probeer 'n druppel in die emmer gooi en Suid-Afrikaanse handwerkkunstenaars ondersteun. Die kwaliteit en skoonheid van die items wat daar te koop aangebied word, regverdig ongetwyfeld 'n besoek.

**MARTLI VISSER**



Nana Wagner wys hier 'n verskeidenheid van die uitgesoekte handwerk by *Cameo/Musicalia.*

**AMATEUR DIGTERS**

**Die kunsredaksie benodig die werk van amateur digters. Plaas 'n getikte kopie van jou werk in *Die Matie* se rakkie in die SR-kantoor.**


**STELLENBOSCH UNIVERSITEIT**

puppy love ®

☎ 02231-3866

**KARNAVAL**

**Cobwebs**

Dorpstraat 145, Stellenbosch

**VIR GESKENKE FOR GIFTS**


**L'ART**

L'ART INTRODUCES:

The making of Meryl Streep

Her first audition was a taste of things to come — after only ten minutes, the director remarked: "There is a volcano within her. It hits you right in the eye."

Mary Louise Streep was born on June 22, 1949, in Summit, New Jersey. Immediately after her christening, her mother felt that the baby was a unique person.

Meryl's first exposure to film was the day her father picked up a home-movie camera. Apparently she was a bit of a director who dressed her brothers in silly costumes and her mother's high heels and danced them round the living room while her father recorded the scene.

At 14, Meryl refused to wear her glasses and braces any longer. She transformed her mouselike brown hair with a bottle of peroxide and played the blonde homecoming queen for several years. Her report cards were filled with A's and only one C for maths. After having the classic high school romance with several good-lookers, she knew she was the success she wanted to be. Every weekend they saw movies, ate hamburgers and drove through the town while kissing and hugging. Meryl had quite a reputation for breaking hearts.



Meryl as Sophie in *Sophie's Choice.*

Vassar College changed her life. There she had quite a bit of intellectual catching up to do. She was face to face with girls who viewed Saturday night as extra time for conducting scientific experiments. But she says, "When I got there, my life changed because I met the most wonderful women. Vassar was also full of nerds, the strange ones, the smart weird ones, the undatables." When she did *Miss Julie* in this time, reactions varied from students who felt she was overacting to "ooh, I loved it" and "mindboggling".

Meryl began to fall in love with acting. She became, in her own words, 'a slob-wearing a felt hat, her father's old shirts and jeans'.

After Vassar followed Dartmouth, where the ratio men to women was 6 000 to 60. "I was lonely," says Meryl. "I didn't want dates." She threw herself into her studies. She got straight A's.

She applied for Yale. Money was tighter than ever before and Meryl survived with the help of a scholarship. Yale recognised her talent and she played in 40 productions in 3 years there.

Meryl discovered that she couldn't keep on 'crawling' inside 12 to 15 people every year. The minute she left Yale she didn't have any more problems.

Producers discovered Meryl at Eugene O'Neill Playwright's conference that summer.

**CHRISTELLE BELLINGAN**

# Tas in die hand kry verkoopsmanne sakke en sakke geld

Fritz Brand

DIE afgelope somervakansie het 'n hele aantal Maties weer opgeruk na verskillende uithoeke van ons land. Hulle was lede van die Duplex- en Quadro-verkoopstoerspanne. Hierdie verkoopstoere het as vakansiewerk oor die afgelope jare al hoe gewilder onder studente geword.

Die studente gaan met 'n verskeidenheid van produkte orals deur die land en doen deur-tot-deur verkope aan die publiek. Die toere vind elke vakansie plaas, en Duplex pas ook 'n ekstra toer in Januarie in. Verkoopsmanne word deur beide firmas d.m.v. kennisgewings en agente in die onderskeie koshuise op die kampus gewerf. Die mense sien plekke wat hulle nooit andersins sou sien nie. Daar word ook moeite gedoen sodat die lede wel gedurende die toer by bekende besienswaardighede aandoen.

Anton van Wyk van Duplex sê hulle probeer om 'n groepsgees te bou en daarom het hulle 'n reünie op karnaval-Vrydag gehou waartydens hulle drie skape gebraai het. Verlede jaar se drie topverkopers, Martin van der Merwe, Giep Malherbe en Bobbie van Heerden het by die geleentheid beurse ter waarde van R300, R150 en R100 ontvang. Die volgende oggend het hulle ook 'n vlot ingeskryf vir die karnavaloptog.

Gedurende die laaste Duplextoere het tien persone meer as R2 000 en dertig persone meer as R1 000 verdien.




'n Paar "Nerds" wat in die verlede vir Duplex gewerk het, pryk hier trots voor hulle sosiale vlot. Hulle tema was "Revenge of the Nerds". Die tassies wat op die vlot gebruik is, is almal ou verkoopstassies waarmee studente al baie myle te voet afgelê het.



Eerwaarde Fred Schabort spreek sy seën uit oor die huweliksgaste. Sy boodskap het groot indruk gemaak.

# *Minerva sleep vir Simon voor kansel*

Jacques Visser

DAT dit nou met hulle moes gebeur! Die kinders van vandag tog.

## Euwels

In vandag se permissiewe samelewing is daar min dinge wat ons mense nog kan ontstel. Tog het hierdie skielike troue baie praatjies aan die gang gesit.

Minder as 'n week na die ja-woord op Minerva afgedwing is (of was dit dalk andersom), het 7 Maart aangebreek; die dag van hierdie onsedelike verbintenis. Bruid en bruidegom was, paslik vir die geleentheid, die onderskeie prims van die twee koshuise, Ronél van Wyk en Francois Erasmus. Die ster van die dag was ongetwyfeld ds. Fred Schabort wat die paartjie en die gemeente goed bewus gemaak het van die euwels wat die huweliksbootjie kan laat sink. Die huwelikseremonie was baie indrukwekkend, behalwe dat sekere Simonsbergerfamilielede baie wettige besware probeer inbring het om die huwelik te stop.

## Simonervas

Die onthaal in Simonsberg se eetsaal daarna was puik. Die geselligheid is voortgesit by die Drie Gewels Hotel se studente-aand.

Ons wens die paartjie alles van die beste toe vir die toekoms en mag daar vele klein Simonervas uit hierdie kombinasie ontstaan.

Valley se Garden Party
16 Maart
12h00
Pumulani
(Naby A.F. Louwskool)
R7,00

# Karnaval samel rekordbedrae in

Elna Hamman

*MENSE verkeer dikwels onder die wanindruk dat die geldinsamelingsveldtog tydens Karnaval alleenlik die vensterversierings en vlotte insluit. Ander aktiwiteite soos die verkoop van motorkompetisiekaartjies, "Maties day at the Races" en die Debutante- en Karnavalmeestersbal word ook vir die insameling van fondse gereël.*

## SMOEGpunte

*Om belangstelling te wek word koshuise se moeite met vensterversierings, vlotte, kermis en reklamesette op 'n puntebasis beoordeel. Vanjaar se finale wenners volgens SMOEGpunte was Eendrag en Lydia. Majuba en Monica was tweede met die Militêre Akademie en Huis De Villiers in die derde plek. Die beste reklameset was Simonsberg en Minerva se poging wat in Adderleystraat afgespeel het. Die poging was so goed dat dit selfs televisiedekking gekry het.*

*Die ongeveer R4 000 wat ingesamel is tydens die vlotoptog toon 'n styging van meer as 'n R1 000 teenoor 1984. Daar sal egter net 20 vlotte in 1986 toegelaat word en strenger beheer sal moontlik op sosiale vlotte toegepas word. Die totale bedrag wat ingesamel is met die T-hemde se verkope is nog onbekend, maar volgens mnr. Robert Bricout van die Karnavalkomitee, verkoop dit uitstekend.*

## Standaard

*Meer as R80 000 is alreeds ingesamel deur middel van motorkompetisiekaartjieverkope. Die rekordbedrag sal nog verder styg totdat die kompetisie op 30 April sluit. Die trekking vind op 1 Mei plaas en die wenners se name sal daarna gepubliseer word.*

*Daar was tydens die karnaval 'n agteruitgang op sommige gebiede te bespeur. Die beoordelaars het gevoel dat die standaard van vensterversierings laer was as in 1984. Hoewel dit geen direkte invloed op die ingesamelde fondse het nie, kan dit tot 'n afname in belangstelling in die toekoms lei. Ook was die Karnavalbal by die Heerengrachthotel in Kaapstad 'n verlies. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die Kroningsbal wat die daaropvolgende naweek gehou is.*

*Die totale bedrag wat ingesamel is sal eers na die Karnavalmeesters- en die Debutantebal in Augustus bekend wees, maar dit beloof om 'n rekord te wees.*

# Hotel onthaal Huiskomitees

OP Donderdagaand 28 Februarie, het die eienaar van die Drie Gewels Hotel, mnr. Brinkie de Vos, sy diskoteek met 'n kaas-en-wynfunksie aan die Maties se huiskomiteelede bekend gestel.

Die gaste het die voorreg gehad om die reuse-dansbaan tot laataand te toets terwyl die prims en hulle metgeselle in die dameskroegie 'n glasie sjampanje geniet het. Die kroegie kyk uit op die dansbaan.

Koshuise kan voortaan die perseel op Donderdagaande gebruik en deel dan die toegangsgelde met die bestuur.

Daar word deurgaans goeie kontrole uitgeoefen om enige ongerymdhede te voorkom. 'n Geslotebaan televisiekanaal monitor die perseel en daar is ook personeel wat heeltyd tussen die mense rondbeweeg.

Die algemene indruk onder die huiskomiteelede was baie gunstig, soseer dat Simonsberg reeds van die fasiliteite gebruik gemaak het.




Volkskas
het 'n Maak-'n-plan-diens
vir elkeen van jou
studentedae.

Losloopdae. Vasbranddae.
Deurdrukdae. Dis studentedae.
Maar studentedae beteken ook verantwoordelikheid
teenoor jou studie en jouself, veral wat geldsake betref.
En wanneer mens finansiële raad en hulp nodig het, is dit goed
om te weet jy't 'n bankgenoot wat verstaan.
Met 'n Maak-'n-plan-skema wat alles insluit wat jy nodig het.
Studentelenings vir daardie dankie-tog-nou-kan-ek-klaar-swot-dae.
'n Transmissierekening vir daardie ek-wil-graag-rente-en-
'n-aftrekorder-hê-dae. Telegrafiese geldoorplasings
vir daardie geldposisie-kritiek-stuur-asseblief-
dringend-kontant-julle-seun-dae.
'n Uniplan-Kitsspaarrekening vir daardie
toe-maar-ons-kan-tot-negeuur-by-my-
Kitsbank-gaan-geld-trek-dae.
En nog baie meer in ons Maak-'n-
plan-skema vir al jou studentedae.
As jou geldsake hersiening nodig het,
kom Maak-'n-plan by Volkskas.
Die bestuurder van jou naaste tak sal
jou graag help. Deur dik en dun.

Volkskas Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

Volkskas
Jou bankgenoot deur dik en dun.

de Villiers en Kie. 78855

Musica
SPECIAL
The Princess of Style
SADE
'DIAMOND LIFE'
featuring
'SMOOTH OPERATOR'
13.99
DROSDY CENTRE
RECORD & CASSETTE
You'll find more at...
Musica
STELLENBOSCH TEL. 72002

## JOOLKONGRES

# *Positiewe beeld van jool moet uitgedra word*

BLOEMFONTEIN — Die Nasionale Joolorganisasie van Suid-Afrika het vanaf 28 tot 30 November 1984 'n voorsitterskongres te Bloemfontein gehou. Die kongres is bygewoon deur al twaalf geaffilieerde Suid-Afrikaanse universiteite.

Die kongres is op Vrydag 28 November 1984 geopen deur die Rektor van die Universiteit van die Oranje Vrystaat, professor Wynand Mouton. Die doel van hierdie kongres was om beleid te bepaal vir die komende termyn. 'n Opmerklike kenmerk van vanjaar se kongres was die algemene aanvaarding onder die Nasionale Jool Uitvoerende Komitee en ander kongresgangers dat Nasionale jool nie op sy louere kan rus nie, en om die bestaansreg van die organisasie te regverdig is daar 'n besluit geneem om 'n hele paar nuwe projekte vir die 1985 termyn aan te pak. 'n Mosie is eenparig deur die kongres aanvaar om die positiewe beeld van Jool in Suid-Afrika en die bydrae wat dit aan die Suid-Afrikaanse samelewing lewer, uit te dra d.m.v. 'n spesiale bylaag wat in die tydskrifte van die Sondagkoerante verskyn het. Die bylaag in die *Rapport* het op 17 Februarie 1985 verskyn terwyl dié in die *Sunday Times* op 3 Maart 1985 verskyn het.

Daar is ook besluit om 'n Nasionale interuniversitêre bloedskenking-kompetisie te reël. Met behulp van die Nasionale Bloedoortappingsdiens is 'n program opgestel waarvolgens die verskillende universiteite onder die toesig van hul plaaslike karnavalkomitees, bloed sal skenk. Kennisgewings van hierdie gebeurtenis sal op die verskillende kampusse verskyn.

'n Nasionale motorkompetisie, waaraan 8 universiteite deelneem, is ook geloods met behulp van twee maatskappye in Suid-Afrika. Die sluitingsdatum is 31 Mei 1985 en die trekking sal vroeg in Junie in Johannesburg deur die huidige Nasionale Joolkoninging, mej. Sandy Dodson waargeneem word waar die wenner van die splinternuwe Golf GTS aangewys sal word.

Die Nasionale Uitvoerende Komitee het ook hierdie termyn besluit om 'n ekstensiewe nasionale toer te onderneem. Die toergeselskap het bestaan uit Lorenzo Bossi, Nasionale Jool Voorsitter en mej. Sharon Jowel, Nasionale Jool ondervoorsitter. Die twee persone het waar dit moontlik was, al die kampusse besoek, om hulself op hoogte van gebeurtenisse te bring sowel as om samesprekings met die onderskeie karnavalkomitees te hou.

Reëlings is ook getref te Pietermaritzburg wat as gasheer sal optree vir die 1985 Nasionale Joolkongres.

Die Nasionale Drompoppiekompetisie word hierdie jaar op 12-13 April by die Randse Paasskou gehou.

Wat skakeling met die swart universiteite betref is daar nog steeds noue skakeling met die Universiteit van Bophuthatswana.



Skokkende bewerings oor Kruispad is deur dr. Ivan Toms, plaaslike geneesheer, aan studente gemaak.

# Kruispad skok SUCA-studente

STELLENBOSCH — 'n Besoek aan Kruispad is verlede week deur verskeie Stellenbosse KJA-lede meegemaak. Dit is gereël deur die interuniversitêre vereniging Students Union for Christian Action (SUCA). Tydens die besoek aan Kruispad het skokkende feite aan die lig gekom. Die studente van SUCA is deur die plaaslike geneesheer, dr. Ivan Toms, toegespreek.

### Gewondes

Hy het gesê dat hy sowat 200 gewondes gesien het tydens die onlangse oproer daar. Verder het hy mense weerspreek wat sê dat rubberkoeëls onskadelik is.

### Onrustiges

Skedelbreuke en gebreekte arms is deur die skiet van dié koeëls veroorsaak, het hy gesê. Verder het die bokhael waarmee die polisie op onrustiges geskiet het, tot tien sentimeter diep deur mense se vel gedring het.

Dr. Toms het die arrestasie van gewondes wat na Tygerberg-hospitaal gegaan het, betreur. Etlike Kruispad-mense is by hul aankoms deur die polisie gevange geneem. Hy het gesê dat dit mense bang sal maak om sy kliniek te besoek, omdat hy die ernstiger gevalle na die Tygerberg-hospitaal verwys het.

Verder sal gewondes hom nie meer vir behandeling besoek nie, het hy gesê. Die studente kon ná sy toespraak nie by Kruispad self ingaan nie, omdat hulle nie permitte gehad het nie.

### Gespanne

'n Welsynswerker, me. Margaret Nash het die studente toegespreek oor die huidige gevoelens onder die inwoners van Kruispad. Sy het gesê dat toestande nog steeds gespanne is.

Onderhandelinge word hierdeur gekompliseer. "Die inwoners is nog onseker of hulle wel verskuif gaan word, en die verbreekte beloftes van dr. Piet Koornhof wek steeds ontsteltenis," het sy gesê.

Dr. Koornhof het 'n driefase plan belowe waardeur die probleme van die plakkerskamp opgelos kon word. 'n Nuwe woonbuurt is wel opgerig en water en toiletgeriewe is op 'n tweede plek aangelê. Die derde fase, naamlik die opgradering van "ou Kruispad" is egter nooit begin nie.

### Voorstelle

Daar is eerder begin om mense na Khayelitsha te verskuif, het me. Nash voorts gesê. Dit het die oproer veroorsaak, omdat die plakkers dr. Koornhof se voorstelle destyds "met moeite" aanvaar het, het sy gesê.

### Beïnvloed

SUCA is ook meegedeel dat die grootskaalse geweldpleging mense se houding ten nadele beïnvloed het. Hulle voel dat die polisie te ernstig opgetree het. Ondanks 'n tegemoetkomende houding van die Administrasieraad sal dit veroorsaak dat die Kruispadleiers in die toekoms minder geneë tot onderhandeling sal wees.

### Onderhandel

Me. Nash het afgesluit deur te sê dat die gemeenskap nie verskuif wil word sonder dat hulle daaroor onderhandel het nie. Hulle vrees veral dat hulle oor 'n groot gebied uitgeskuif sal word, het sy gesê.

# *UP kry nuwe kanselier*

**Francois Beukman**

PRETORIA — Hy sien nie kans dat hy hoegenaamd by verligte of verkrampte denkrigtings betrek word nie, sê mnr. Alewyn Schlebusch, wat op 4 Maart as nuwe kanselier van die Universiteit van Pretoria aangewys is.

Hoewel die universiteit nie wil bekend maak wat die presiese stemtotale is nie, word op die kampus van die universiteit bespiegel dat mnr. Schlebusch meer as 20% meer stemme as sy teenstander, dr. Wally Grant, getrek het.

Dr. Grant is deur prof. Carel Boshoff, leier van die Afrikanervolkswag, asook prof. P.G. Nel en prof. Piet Coertze, bekendes in regse kringe, voorgestel.

Prof. Boshoff het op navraag gesê hy is "vanselfsprekend teleurgesteld dat dr. Grant nie die verkiesing gewen het nie." Vir mnr. Schlebusch "as persoon" wens hy egter geluk.

Volgens prof. Boshoff is daar ongelukkigheid oor die stemprosedure, omdat van die kiesers glo verwag is om hul naamtekening en adres op die stembriefies te verstrek. Hy het gesê dit word nie in geheime stemmings gedoen nie.

"In ons tyd is daar soveel redes waarom mense geïntimideer kan voel." Prof. Boshoff oorweeg om beswaar by die universiteitsowerheid aan te teken.

Mnr. Schlebusch het op 'n perskonferensie dit duidelik gestel dat hy genader is om homself vir die amp beskikbaar te stel, en niks met die verkiesing te doen gehad het nie.

"Ek het niemand gevra om vir my te stem nie. Ek is dankbaar dat ek gewen het en beskou myself as verteenwoordigend van die hele kieskollege, het mnr. Schlebusch gesê.

Hy het hulde gebring aan sy voorganger, dr. Hilgard Muller, en gesê dat hy die nuwe amp met dieselfde houding as sy loopbaan sal benader.

"Ek het volle vertroue in die Rektor en is telkens verheug oor die vooruitgang wat by die universiteit plaasvind," het hy gesê.

Mnr. Schlebusch het in 1939 'n LL.B.-graad aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Die amptelike inhuldiging sal tydens die herfspromosieplegtigheid in April plaasvind.

Winmore

The Factory Shop where the whole family dresses for less and only the quality beats the price!

NEW ARRIVALS

| | | | |
|---|---|---|---|
| LADIES HIJACK TAILORED SUITS R75 each | LADIES HUGGERS WINTER BLOUSES R12 each | MENS ZENITH WINTER SHIRTS R37 each | LADIES HUGGERS SUITS R9 each |
| MENS MICHAEL LAURENZ RUGBY SHIRTS R14 each | MENS WATSON SHOES (all sizes) R30 per pair | LADIES FASHION LEATHER SHOES R15 per pair | PUMA CABANA TRAINERS R25 per pair |

Ons is regoor die Coetzenburg Hotel in die nuwe Drosdysentrum



HAROLD RUCK, naaste aan die kamera, net voor die 100 m rugslag op die interkoshuis-swemgala wat op 6 Maart te Coetzenberg plaasgevind het. Vanweë foutiewe tellinghou was die finale uitslag by die ter perse gaan nie beskikbaar nie.

# Eendrag verower Drostdyhof-Skild

DIE Drostdyhof-skild is op 27 Februarie aan verlede jaar se wenners, Nerina en Eendrag te Coetzenburg oorhandig.

Die skild word elke jaar uitgeloof aan 'n mans- en dameskoshuis om koshuise aan te moedig om op soveel as moontlik sportgebiede te presteer.

Punte word aan elke koshuis toegeken volgens 'n glyskaal sodat elke koshuis 'n gelyke kans staan om die gesogte skild te verower.

Die mans verdien punte volgens die aantal ingeskrewe lede in die koshuis; die aantal persone wat in die boonste 4 klubspanne speel en die plek wat die koshuis in die verskillende interkoshuisliga behaal het.

Die eerste plek behaal in die koshuisliga tel dus 10 punte, die derde plek 8 ens. As die bepaalde koshuis in die eerste liga speel, word die punte reeds behaal met 4 gemaal en dié wat in die tweede liga speel se punte word verdubbel. Die 15 manskoshuise kan deelneem aan atletiek/landloop, basketbal, branderroei, branderry, fietsry, gholf, hokkie, gimnastiek, judo, kano, karate, krieket, muurbal, onderwaterhokkie, pluimbal, rugby, skerm, sokker, waterpolo, swem, tafeltennis, tennis, vlugbal en toutrek. Die finale punt word dan persentasiegewys bereken.

Die skild wat in 1982 en 1983 deur Huis Marais verower is, is vanjaar aan Eendrag toegeken wat eerste was met 3 573 punte, met Huis Marais tweede en Hombré derde.

Die berekening van punte by die dameskoshuise is effens anders. Elke koshuisspeler en elke klubspeler verdien punte in pluimbal, tafeltennis, muurbal, netbal, hokkie, swem en basketbal. 'n Persoon wat in die eerste en tweede span van die klub is, verdien 5 punte, dié in die derde en vierde span verdien 3 punte en die wat die vyfde en laer spanne verteenwoordig, verdien twee punte. Elke koshuisspeler tel 1 punt en 'n lid van die SAU-span 3, Provinsiale A-span 5 en B-span 3 punte en 'n lid van die SA-span 10 punte.

Nerina het die eerste plek behaal met 476 punte, Huis ten Bosch was tweede met 381 en Minerva derde met 342 punte.



# OP DIE KANTLYN

**David v.d. Westhuyzen**

'n PLUIMPIE vir SA Rugbyskeidsregters. Mnr. Steve Strydom word as een van die beste skeidsregters ter wêreld beskou. Hy blaas tans in die Europese reeks. Hy het veral op die Engelse kenners goeie indruk in die wedstryd tussen Skotland en Ierland gemaak.

Dit is ongelukkig dat daar heelwat omstredenheid om mnr. Strydom in verlede jaar se Curriebekerwedstryde was. In vergelyking het Suid-Afrika die hoogste lof aan mnr. Rene Hourquet gegee. Mnr. Hourquet het in die toetse tussen die Springbokke en die Jaguars geblaas.

In die Europese reeks is die tafels heeltemal omgedraai. Terwyl die kenners en die spelers tevrede is met mnr. Strydom se blaaswerk, kla hul heelwat oor mnr. Hourquet se vermoë.

Mnr. John Bevon, die Walliese afrigter, word aangehaal dat mnr. Hourquet nie weet wat op die veld aangaan nie. Hy gaan sover om te sê dat hy hom nie sal wil hê om vir 'n laerskoolwedstryd te blaas nie.

Die verskille van opinies omtrent die skeidsregters kan veral toegeskryf word aan die verskillende style van rugby wat die Europeërs teenoor die Suid-Afrikaners speel.

**Nogtans voel ek dat ons ons skeidsregters met meer lof moet behandel in ons Curriebekerreeks.**

* * *

Een van die grootste interkoshuiskompetisies naas rugby is sekerlik krieket. Dit is jammer om te sien dat daar nog geen organisasie omtrent die sport se skeidsregters is nie.

Die spelers van die spanne doen self die skeidsregterswerk. Dit kan net lei tot bevooroordeling. Daar is gelukkig min klagtes hieroor, maar dit kom tog voor.

Daar is ook die neiging om nie graag jou eie spanmaats paviljoen toe te stuur nie. Dit lei dat min vangkanse agter die paaltjies benut word en nog minder b.v.p. beslissings gegee word. Dit gebeur veral as die val van 'n betrokke paaltjie 'n verskil aan die uitslag van 'n wedstryd kan maak.

Daar kan gerus 'n sisteem uitgewerk word om hierdie onprofessionele manier van skeidsregting te verbeter.

Vir elke span wat 'n koshuis of wyk inskryf kan daar 'n skeidsregter ingeskryf word. 'n Rooster word dan opgestel sodat hulle dan nie hul eie koshuis se wedstryd hanteer nie. Dit sal die bevooroordeling tot 'n groot mate uitsny.

**In die Sauer-liga word die skeidsregter neutraal gehou — hoekom dan nie met krieket ook nie?**

* * *

**While competing nothing is more important than winning, after the game nothing is less important than winning!**

* * *

ALLE sportklubs word genooi om met *Die Matie* in verbinding te tree indien hul dekking verlang. Lesers is ook welkom om aan hierdie rubriek te skryf om griewe te lug, kommentaar te lewer of 'n sportstaaltjie te vertel.




**LJ'S STEAK & PIZZA HOUSE**
First Floor, Trust Bank Centre, Stellenbosch
**Phone your hostess, Janine 70641**

*Dine & Dance until early hours*
*Live entertainment nightly*

Mon: Terence Meyer
Tues: Soekies
Wed: Blacksmith
Thurs: Terence Meyer — last Thurs of month ladies' night
Fri: Party night with Terence Meyer & Connie de Beer
*(Watch your notice boards for the theme)*
Sat & Sun: Steve Newman & Tony Cox

| *Specials:* | | |
|---|---|---|
| | Sirloin Special | R3,95 |
| | Don Pedro, Irish Coffee | R1,50 |
| | Basic Pizza | R2,80 |




**WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.**

Demp toe bankdeure jou geesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman outomatiese tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.

Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by André Markgraaff, tel. 71020 of besoek hom by die Bankmankantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch.
**En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.**

BOLAND BANK
Bankman
24 UUR BANK

BOLAND BANK BEPERK. GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK.

## TOUCHRUGBY-TOERNOOI

# Dagbreek wen eerste "Touchies"

David v.d. Westhuyzen

DAGBREEK A het op Saterdag, 9 Maart die eerste volwaardige interkoshuis "Touchrugby"-toernooi gewen. Hulle het Eendrag A in die finaal met drie doele teen twee geklop.

Altesaam 25 spanne van 13 koshuise het aan die uitklopkompetisie deelgeneem. Net Pieke en Medies het nie deelgeneem nie.

Die finaal is gekenmerk deur sarsies van goeie spel. Alhoewel die wedstryd teen 'n vinnige tempo gespeel is, was daar periodes waar heelwat foute begaan is. Dagbreek het twee doele in die eerste helfte aangeteken; Pierre Bosman die eerste en Etienne Eloff die tweede met 'n onderskepping.

Phillip du Toit van Eendrag het 'n goeie drie gekry met 'n oorvleueling nadat hulle onder heelwat druk geplaas is. Neels Uys, wat as reserwe in Marius Basson se plek gespeel het, het Dagbreek se telling na drie opgeskuif. Die drie het, soos Pierre Bosman se drie, na die taktiese "switch beweging" plaasgevind.


Charl de Villiers het kort voor die einde met 'n onderskepping daarin geslaag om nog 'n drie vir Eendrag te druk.

Dagbreek het die eerste prys van R200 en 'n wisseltrofee gewen en Eendrag is met R100 vir hulle tweede plek beloon. Libertas het Huis Marais om die derde plek geklop en het R50 gewen.

Huis Marais was ongelukkig om nie die derde plek te haal nie. Hulle het die grootste deel van die wedstryd voorgeloop en in die laaste minuut het Libertas die gelykmakende drie gedruk. Dit het veroorsaak dat die spanne moes aanhou speel totdat een span 'n drie gedruk het. Libertas het hul goed van hul taak gekwyt en die wendrie gedruk.

Die Paul Revere-wisseltrofee is dié aand by 'n onthaal aan die Dagbreek-kaptein, Tobie van Schoor, oorhandig. Elma Fourie van Erica is by dieselfde geleentheid as Mej. Matie Rugby gekroon. Sy sal die Maties oor die Paasnaweek by die Toyota klubkampioenskappe verteenwoordig.

Die "Touchtoernooi" is deur Dagbreek gereël en hulle hoop om dit 'n groot jaarlikse instelling op Stellenbosch te maak.



Marius Basson van Dagbreek nael met die bal na die doellyn terwyl 'n verdediger van Majuba tevergeefs probeer om hom in te haal. Basson moes kort hierna die veld weens 'n besering verlaat.

# *Marina klop Spanner IV in Grand Prix*

HIPPOKRATES se *Marina* het op Saterdag, 9 Maart te Tygerbergkampus die Tygerberg Grand Prix gewen. *Marina* het 'n totaal van 74 rondtes voltooi. *Spanner IV* van Helderberg het die tweede plek met 73 rondtes verower.

### Oefening

Die Grand Prix, waaraan 25 karre deelgeneem het, het om die Geneeskunde Fakulteit plaasgevind. Die wedren word as oefening beskou vir die hoofwedren wat Saterdag, 16 Maart op Stellenbosch plaasvind.

### Killarney

Dagbreek se *Dawner* het die vinnigste tydrondte van 1 min 59 sek gery. *Spanner IV* van Helderberg was tweede. Helderberg se span het onder andere Willie Engelbrecht, die Springbok-fietsryer, in hul span gehad.

*Dawner* het baie goed in die wedren gedoen voordat hul stuurstang gebreek het. Hulle het met weer as 'n minuut in hul 25ste rondte voorgeloop.

'n Soortgelyke wedren het verlede jaar op Killarny plaasgevind. *Bliksem IV* van Wilgenhof het die wedren gewen. Omdat die baan so sleg geleë was, was daar min toeskouers teenwoordig. Die vol program en die feit dat die wedren te Tygerberg gehou is, het veroorsaak dat talle mense na dié oefenresies gekom het.

Daar was onder meer radiobeheerde vliegtuie en -motors ten toon gestel. 'n Motorskou met 'n verskeidenheid sportmotors is ook aangebied. Die Minister van Vervoerwese, mnr. Schoeman, het die wedren geopen. Die kroning van Mej. Tygermed het na die wedren plaasgevind.

### Nuwe karre

Op Saterdag vind die SAFUIS trapkarwedren plaas. Die uithouwedren duur ses uur en dit word deur die Neelsie se loopgang gehou. Daar sal onder meer 'n bierblikkompetisie en 'n sokkie in die Gat gehou word.

*Dawner* en *Marina*, die kar wat by Tygerberg gewen het, is albei nuwe karre wat vanjaar aangekoop is. Die karre is albei vir R2 400 gekoop. Van dié karre word heelwat verwag by die groot wedren op Saterdag.

### Hoogtepunt

Die groot wedren vorm deel van die SAFUIS-Reeks wat by al die kampusse van die verskillende universiteite gehou word.

Die wedren is ook die hoogtepunt van die Ingenieursweek. Op Woensdag 13 Maart vind die Paperjetkompetisie in die Gat plaas. Die Coke "boatraces" vind op Vrydag 15 Maart om 12h00 voor die Ingenieursfakulteit plaas.

# *US-Toutrekklub derde op Goodwoodskou*

**DIE US Toutrekklub het op Saterdag 9 Maart twee derde plekke by die Goodwoodskou verower. Hulle het in die 640 kg en 720 kg-afdelings meegeding.**

**Twee Weermagspanne van die Vrystaat en die Weermagspan van Youngsfield het ook aan die kompetisie deelgeneem. Dit was die eerste kompetisie waaraan die klub vanjaar deelgeneem het.**

**Die 720 kg span het derde op verlede jaar se Springbokproewe gekom. Hulle hoop om die prestasie vanjaar te verbeter.**

**Die klub oefen elke Maandag, Woensdag en Donderdag om 17h15 langs die sokkerveld. Diegene wat daarin belangstel om aan toutrek deel te neem kan Anton Rabe in Wilgenhof vir verdere inligting skakel.**

